



The Directors present their report on the activities and the financial statements for Clover Industries Limited and the Group in respect of the year ended 30 June 2009.

Directors' responsibility

CIL's Directors are required by the Companies Act to maintain adequate accounting records and to prepare financial statements for each year which fairly present the state of affairs of the Company and the Group at the end of the financial year and of the profit and cash flows for the period. In preparing the accompanying financial statements, International Financial Reporting Standards have been followed, suitable accounting policies have been used and applied consistently, and reasonable and prudent judgements and estimates have been made. Any changes to accounting policies are approved by the Board and the effects thereof are fully explained in the annual financial statements. The financial statements incorporate full and responsible disclosure.

The Directors have reviewed the Group's budget and cash flow forecast up to 30 June 2010. On the basis of this review and in the light of the current financial position and existing borrowing facilities, the Directors are satisfied that CIL is a going concern and have therefore continued to adopt the going-concern basis in preparing the financial statements. The Group's external auditors, Ernst & Young Inc., have audited the financial statements and their unqualified report appears on page 42. The financial statements for the year ended 30 June 2009, as set out on pages 38 to 41 and 43 to 139, were approved by the Board on 10 September 2009 and are signed on its behalf by Messrs JAH Bredin and JH Vorster.

Nature of business

The procurement, production, marketing, sales and distribution of branded consumer products to customers in the Southern African region at benchmarked costs, with margins sufficient to ensure Clover's long-term prosperity and growth.

Group results

The Group's results for the year are as follows:

	2009 Rm	2008 Rm
Turnover	6 013,8	5 497,2
Profit attributable to shareholders of the parent company	527,2	119,9

Subsidiary companies, interests in joint ventures and associated companies

Details of subsidiary companies are reflected in Note 30 to the financial statements, interests in joint ventures in Note 5.1 and interests in associates in Note 5.2 to the financial statements.

The Group has always accounted for its 45% interest in Danone Clover as a joint venture on the proportional consolidation method. During the year the Board concluded that its previous assessment of joint control over Danone Clover is no longer appropriate and accordingly decided to account for its interest in Danone Clover as an associated company from 1 June 2009. The Board decided to early adopt the amended IAS 31 in preparation of these annual financial statements and accordingly recognised a profit of R637,5 million on the loss of joint control in Danone Clover. The Board transferred this profit, net of deferred tax of R38,0 million, to reserves as it does not constitute a cash income.

Die Direkteure lê hul verslag oor die aktiwiteite en die finansiële state van Clover Industries Beperk en die Groep vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 voor.

Direkteure se verantwoordelikheid

Die Maatskappywet vereis dat CIL se Direkteure toereikende rekeningkundige rekords byhou en finansiële state vir elke finansiële jaar opstel wat die stand van die Maatskappy en die Groep aan die einde van die finansiële jaar en die wins en kontantvloeï vir die tydperk redelik weergee. By die opstel van die meegaande finansiële state is "International Financial Reporting Standards" toegepas, geskikte rekeningkundige beleid is gebruik en konsekwent toegepas en waar nodig, is redelike en omsigtige ramings gemaak. Enige veranderinge aan die rekeningkundige beleid word deur die Direksie goedgekeur en die uitwerking daarvan word volledig in die finansiële jaarstate verduidelik. Die finansiële state sluit volledige en verantwoordelike openbaarmaking in.

Die Direkteure het die Groep se begroting en kontantvloeivoorskatting vir die jaar tot 30 Junie 2010 nagegaan. Op die grondslag van hierdie ondersoek en in die lig van die huidige finansiële posisie en bestaande leenfasiliteite is die Direkteure daarvan oortuig dat die Groep 'n lopende saak is en het hulle dus voortgegaan om die lopendesaaik-beginsel toe te pas by die opstel van die finansiële state. Die Groep se eksterne ouditeure, Ernst & Young Inc., het die finansiële state geoudit en hulle ongekwalifiseerde verslag verskyn op bladsy 42. Die finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2009, soos op bladsye 38 tot 41 en 43 tot 139 uiteengesit, is deur die Direksie op 10 September 2009 goedgekeur en namens hulle geteken deur mnr JAH Bredin en JH Vorster.

Aard van besigheid

Die verskaffing, produksie, bemaking, verkoop en verspreiding van handelsmerk-verbruikersprodukte aan klante in Suidelike Afrika teen mededingende koste, met marges wat voldoende is om Clover se langtermynvoorspoed en -groei te verseker.

Groepresultate

Die Groep se resultate vir die jaar is soos volg:

	2009 Rm	2008 Rm
Omset	6 013,8	5 497,2
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouders van die houermaatskappy	527,2	119,9

Filiaalmaatskappye, belange in gesamentlike en geassosieerde ondernemings

Inligting aangaande filiaalmaatskappye word in Aantekening 30 tot die finansiële state uiteengesit, belange in gesamentlike ondernemings in Aantekening 5.1 en belange in geassosieerdes in Aantekening 5.2 by die finansiële state.

Die Groep het in die verlede sy 45% belang in Danone Clover as 'n gesamentlike onderneming verantwoord en die proporsionele konsolidasie-metode is in die verband gebruik. Gedurende die jaar het die Raad tot die gevolg gekom dat sy vorige evaluering van gesamentlike beheer oor Danone Clover nie meer van toepassing is nie, gevolglik het die Raad besluit om vanaf 1 Junie 2009 eerder sy belang in Danone Clover as 'n geassosieerde maatskappy te verantwoord. Die Raad het besluit om die gewysigde IAS 31, vroeg toe te pas in die opstel van hierdie finansiële state wat gelei het tot 'n wins van R637,5 miljoen met die verlies van gesamentlike beheer in Danone Clover. Die Raad het hierdie wins, netto van uitgestelde belasting van R38,0 miljoen, na reserwes oorgeplaas aangesien dit nie 'n kontant-inkomste verteenwoordig nie.

GROUP DIRECTORS' REPORT/GROEPDIREKTEURSVERSLAG

Share capital

Detail of the authorised and issued share capital are included in Note 18 to the financial statements.

The unissued shares of the Company were placed under the control of the Directors until the next Annual General Meeting. No shares were issued during the year.

The debt portion of preference shares is quantified and separately disclosed as part of interest-bearing liabilities. The guaranteed preference dividends paid during the year are accounted for as interest paid in the income statement.

On 7 January 2009 a general meeting of shareholders approved the issuance of 4 million preference shares to the Executive Directors of the Company at an issue price of R5,00. The Executive Directors chose not to subscribe for the shares and the Board agreed to convert these shares into Share Appreciation Rights in terms of the long-term incentive plan as explained below under Share Based Compensation.

The 4 million shares in question were grossed up to 6 million Share Appreciation Rights to accommodate taxation. This cash-settled long-term incentive plan is named Phantom B and vesting occurred on allocation.

Dividends

Dividends were declared by CIL during the year and paid shortly after the year end:

	2009 R'000	2008 R'000
To ordinary shareholders	1 000	619
To preference shareholders	28 984	17 757
Total dividends declared and paid	29 984	18 376

Excluding the profit on deconsolidation of Danone Clover, which was transferred to reserves, the Group incurred an attributable loss for the year. No dividends are therefore proposed or declared by the Board for the 2008/09 financial year.

Directors and Secretary

Particulars of the present Directors and Secretary are given on page 8.

Share-based compensation

The Company approved an equity-settled share purchase scheme during previous financial years. Details of shares granted and vested in terms of the scheme are given in Note 31.

Refer to the above share capital paragraphs with respect to further details on the long-term incentive plan, named Phantom B.

During the current financial year the Company approved a further cash-settled long-term incentive plan, named Phantom A, for Senior Executives of the Group and Key Management Personnel. The Plan involves the issuance of Share Appreciation Rights to executives that vest over a period of five years. Executives can choose to exercise SAR that vested which will entitle them to a cash payment equal to the increase in the CIL preference share price over the issue price of the SAR. SAR are issued at the volume-weighted average price at which CIL preference shares traded over-the-counter during the 60 trading days preceding the issue date. Details of SAR issued and vested in terms of the Plan are given in Note 31.

Aandelekapitaal

Besonderhede van gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal word in Aantekening 18 tot die finansiële state verskaf.

Die onuitgereikte aandele van die maatskappy is onder die beheer van die Direkteure geplaas tot die volgende Algemene Jaarvergadering. Geen aandele is gedurende die jaar uitgereik nie.

Dieskuldkomponent van die voorkeuraandele is bepaal en word afsonderlik as rentedraende skuld openbaar gemaak. Die gewaarborgde voorkeurdividend wat gedurende die jaar betaal is, word as rente betaal in die inkomstestaat aangetoon.

Op 7 Januarie 2009 het 'n algemene vergadering van aandeelhouders die uitreiking van 4 miljoen voorkeuraandele aan die Uitvoerende Direkteure teen 'n uitgifteprys van R5,00 goedgekeur. Die Uitvoerende Direkteure het gekies om nie hierdie aandele op te neem nie en die Direksie het besluit om die genoemde aandele om te skakel na Aandeelgroeieregte as deel van die maatskappy se langtermyn-aansporingskema soos hierna onder Aandeelgebaseerde Vergoeding verduidelik.

Die 4 miljoen aandele is verhoog na 6 miljoen Aandelegroeieregte om voorsiening te maak vir belasting. Hierdie kontantvereffende langtermyn-aansporingskema word genoem "Phantom B". Hierdie regte het gevestig by allokasie.

Dividende

Dividende gedurende die jaar deur CIL verklaar en kort na die jaar betaal:

	2009 R'000	2008 R'000
Aan gewone aandeelhouders	1 000	619
Aan voorkeuraandeelhouders	28 984	17 757
Totale dividende verklaar en betaal	29 984	18 376

Indien die wins wat na reserwes oorgeplaas is met dekonsolidasie van Danone Clover buite rekening gelaat word, het die Groep 'n toeskryfbare verlies gemaak vir die jaar. Geen dividende ten opsigte van die 2008/09 finansiële jaar word dus deur die Raad aanbeveel of verklaar nie.

Direkteure en Sekretaris

Besonderhede van die huidige Direkteure en Sekretaris word op bladsy 148 uiteengesit.

Aandelegebaseerde vergoeding

Die Maatskappy het in vorige finansiële jare 'n aandele-aankoopkema wat ekwiteitsvereffenbaar is, goedgekeur. Besonderhede van die aandele wat ingevolge die skema toegeken is en gevestig het, word in Aantekening 31 verskaf.

Verwys na die aandelekapitaal paragrafe bo aangaande verdere inligting oor die langtermyn-aansporingskema, genaamd, "Phantom B".

Gedurende die jaar het die Maatskappy 'n verdere langtermyn-aansporingskema genaamd "Phantom A" goedgekeur vir Senior Uitvoerende personeel van die Groep en Sleutel-bestuurspersoneel. Die Skema behels die uitreiking van Aandeelgroeieregte aan uitvoerende personeel wat oor 'n tydperk van vyf jaar na uitreiking vestig. Die Uitvoerende personeel kan kies om AGR wat gevestig het uit te oefen wat hulle geregtig maak op 'n kontantbetaling gelykstaande aan die verhoging in CIL-voorkeuraandeel pryse teenoor die uitreikprys. AGR word toegeken teen die volume-gewegde gemiddelde prys waarteen CIL-voorkeuraandele oor-die-toonbank verhandel het in die 60 handelingsdae voor die toekenningsdatum. Besonderhede van die AGR in terme van die plan uitgereik en gevestig word in Aantekening 31 verskaf.

Insurance and risk management

The Group follows a policy of reviewing the risk relating to assets and commitments that might flow from the use thereof with its insurers on an annual basis. Wherever possible, assets are automatically included. There is also a continuous asset risk control programme, which is carried out in conjunction with the Group's insurance brokers. For further information on the Group's risk management process please refer to the Corporate Governance report on page 28.

Property, plant and equipment

There was no change in the nature of the property, plant and equipment of the Group or in the policy regarding their use. Capital expenditure on tangible assets was R190,0 million (2008: R196,7 million) and R19,4 million (2008 R10,9 million) on intangible assets.

Special resolutions

During the year the shareholders of Danone Clover approved a special resolution to increase the authorised share capital of the company as part of the May 2009 recapitalisation of the company.

Events subsequent to the year-end

During the year Clover S.A. breached certain covenants on a R100 million secured loan. The covenants did not take into account the fact that Clover S.A. owns 94,8% of Clover Beverages and therefore has unrestricted access to the retained profits of Clover Beverages. The seasonality of the Clover business was also not taken into account. This breach could have been rectified rather easily by the declaration of additional dividends from Clover Beverages to Clover S.A. but the Board chose to rather renegotiate the covenants with the bank involved to avoid a dividend declaration and the costs associated with it. This renegotiation was successfully concluded subsequent to the year-end.

Change in basis of accounting

The financial statements have been prepared in accordance with International Financial Reporting Standards and its interpretations adopted by the International Accounting Standards Board. Refer to Note 2.1(c) regarding changes in accounting policy.

Corporate governance

Detailed Company statements on Corporate Governance are set out on pages 28 to 30.

Acknowledgements

We express our thanks and appreciation to

- Our shareholders for their cooperation and support during the year;
- Our staff for the enthusiasm with which they have carried out their duties;
- All suppliers of a wide variety of requirements;
- The retail and wholesale trade as well as all distributors who made our products available on shelves;
- The millions of consumers who selected our quality products above those of our competitors.

Versekering en risikobestuur

Dit is die beleid van die Groep om jaarliks in samewerking met die versekeraars die risiko met betrekking tot die bates en moontlike aanspreeklikhede wat uit die bedryf daarvan mag voortvloei te hersien. Waar moontlik word bates outomaties ingesluit. Daar is ook 'n deurlopende batesrisikobehoeërprogram wat in samewerking met die Groep se versekeringsmakelaars bedryf word. Die verslag oor Korporatiewe Beheer op bladsy 168 handel meer breedvoerig met die Groep se risikobestuurproses.

Eiendom, aanleg en toerusting

Geen verandering van die gebruik van eiendom, aanleg en toerusting het in die Groep plaasgevind nie. Kapitale besteding op tasbare bates het R190,0 miljoen (2008: R196,7 miljoen) bedra en op ontasbare bates R19,4 miljoen (2008: R10,9 miljoen).

Spesiale besluite

Gedurende die jaar het Danone Clover se aandeelhouders 'n spesiale besluit geneem om die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy te verhoog. Die besluit was nodig om uitvoering te gee aan die herkapitalisering van die maatskappy gedurende Mei 2009.

Gebeure na balansstaatdatum

Gedurende die jaar het Clover S.A. met betrekking tot 'n R100 miljoen versekerde lening, sekere leningsvoorwaardes nie nagekom nie. Die ooreenkoms het nie in aanmerking geneem dat Clover S.A. 94,8% van Clover Beverages besit en die maatskappy dus onbeperkte toegang het tot die behoue verdienste van Clover Beverages nie. Die seisoenale aard van die Cloverbesigheid is ook nie in ag geneem nie. Hierdie nie-nakoming kon redelik maklik reggestel word deur die verklaring van addisionele dividende vanaf Clover Beverages na Clover S.A. Die Raad het eerder gekies om die ooreenkoms met die bank te heronderhandel om sodoende 'n dividendverklaring en die koste daaraan verbonde te vermy. Hierdie heronderhandeling is suksesvol na balansstaatdatum afgehandel.

Veranderinge in die rekeningkundige basis

Die finansiële state is opgestel in ooreenstemming met "International Financial Reporting Standards" en die interpretasie daarvan deur die "International Accounting Standards Board". Verwys na Aantekening 2.1(c) met betrekking tot veranderinge in die rekeningkundige beleid.


Korporatiewe Beheer

Die volledige Maatskappyverklarings oor Korporatiewe Beheer word op bladsye 168 tot 170 uiteengesit.

Dankbetuigings

Ons betuig ons dank en waardering aan

- Ons aandeelhouders vir hul samewerking en ondersteuning die afgelope jaar;
- Ons personeel vir die entoesiasme waarmee hulle hul pligte uitgevoer het;
- Alle verskaffers van 'n wye verskeidenheid benodigdhede;
- Die klein- en groothandel en alle verspreiders wat ons produkte op die rakke beskikbaar gestel het;
- Die miljoene verbruikers wat ons gehalte-produkte bo dié van ons opposisie gekies het.



JAH Bredin
Chairman/Voorsitter
10 September 2009



JH Vorster
Chief Executive/Uitvoerende Hoof
10 September 2009

AUDIT COMMITTEE REPORT/ODITKOMITEEVERSLAG

The Audit Committee of the Clover Group consists of two Non-executive Directors of the Company who act independently.

The duties of the Audit Committee are mainly those required by the Companies Act of 1973, as amended, including the nomination of auditors for appointment, determining of audit fees and pre-approval of non-audit work performed by the external auditors.

The auditors for the year ending 30 June 2009 were appointed at the Annual General Meeting on 29 October 2008 on recommendation from the Audit Committee. Audit fees for the 2008/09 year were approved by the Audit Committee based on an audit plan presented to it by the auditors. The Committee considered the audit fees appropriate.

The Audit Committee pre-approved certain non-audit services that were provided by the external auditors. The nature and extent of non-audit services to be provided by the auditors are pre-approved by the Committee only if the Committee is satisfied that such services will not impair the independence of the auditors. The Committee does not believe that these non-audit services have affected the independence of the auditors.

During the period under review, the Committee received no complaints relating to accounting practices, internal audit, the content or auditing of the Group's financial statements or any related matter.

The Committee meets regularly. The external auditors and the Executive Directors attend these meetings and have unrestricted access to the Audit Committee. Time is allocated for both the auditors and the Executive Directors to discuss matters with the Committee separately. The Audit Committee evaluates the performance of the auditors annually. Based on these results and after consideration of auditor independence and auditor rotation, the Committee will nominate auditors for appointment at the Annual General Meeting. Audit fees will be determined annually after the presentation to the Committee of an audit plan and fee budget by the auditors after taking into consideration the following:

- Previous year's fees
- Changes in the business
- New and amended legislation
- New and amended International Standards on Quality Control, Auditing, Assurance and Related Services
- New and amended International Financial Reporting Standards and International Accounting Standards
- Risk areas.

After obtaining assurances from the auditors, the Audit Committee is satisfied that the auditors acted independently in the performance of their duties.

The Audit Committee is satisfied that it fulfilled its responsibilities under its terms of reference for the period under review. During that time the Audit Committee met three times.

Die Ouditkomitee van die Clovergroep bestaan uit twee Nie-uitvoerende Direkteure van die Maatskappy wat onafhanklik optree.

Die pligte van die Ouditkomitee is hoofsaaklik dit wat deur die Maatskappywet van 1973, soos gewysig, vereis word, met inbegrip van die nominasie van ouditeure vir aanstelling, die bepaling van ouditgelde en vooraf goedkeuring van nie-ouditwerk deur die eksterne ouditeure.

Die ouditeure vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 is op aanbeveling van die Ouditkomitee by die Algemene Jaarvergadering op 29 Oktober 2008 aangestel. Ouditgelde vir die 2008/9-jaar is deur die Ouditkomitee goedgekeur op grond van 'n ouditplan wat deur die ouditeure voorgelê is. Die Komitee het die ouditgelde as toepaslik beskou.

Die Ouditkomitee het sekere nie-ouditdienste wat deur die eksterne ouditeure gelewer moes word, vooraf goedgekeur. Die aard en omvang van nie-ouditdienste deur die ouditeure word vooraf deur die Komitee goedgekeur slegs indien die Komitee tevrede is dat sodanige dienste nie die onafhanklikheid van die ouditeure sal beïnvloed nie. Die Komitee glo nie dat hierdie nie-ouditdienste die onafhanklikheid van die ouditeure beïnvloed het nie.


Gedurende die periode onder oorsig het die Komitee geen klagtes ontvang met betrekking tot rekeningkundige praktyke, interne audit, die inhoud of ouditering van die Groep se finansiële verslae of enige verwante aangeleenthede nie.

Die Komitee vergader gereeld. Die eksterne ouditeure en die Uitvoerende Direkteure woon hierdie vergaderings by en het onbeperkte toegang tot die Ouditkomitee. Tyd word ingeruim vir sowel die ouditeure as die Uitvoerende Direkteure om aangeleenthede afsonderlik met die Komitee te bespreek. Die Ouditkomitee evalueer jaarliks die prestasie van die ouditeure. Gegrond op hierdie resultate en na oorweging van die onafhanklikheid en rotasie van ouditeure, nomineer die Komitee ouditeure vir aanstelling by die Algemene Jaarvergadering. Ouditgelde word jaarliks bepaal na voorlegging van 'n ouditplan en fooiebegroting deur die ouditeure aan die Komitee en nadat die volgende in ag geneem is:

- Die vorige jaar se fooie
- Veranderinge in die onderneming
- Nuwe en gewysigde wetgewing
- Nuwe en gewysigde "International Standards on Quality Control, Auditing, Assurance and Related Services"
- Nuwe en gewysigde "International Financial Reporting Standards and International Accounting Standards"
- Risikogebiede.

Nadat versekering van die ouditeure verkry is, is die Ouditkomitee tevrede dat die ouditeure onafhanklik opgetree het in die uitvoering van hul pligte.

Die Ouditkomitee is tevrede dat dit die verantwoordelikhede in hul verwysingsraamwerk vir die tydperk onder oorsig uitgevoer het. Gedurende hierdie tyd het die Ouditkomitee drie keer vergader.



DK Smith
Chairman/Voorsitter

For the year ended 30 June 2009

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

To the shareholders of Clover Industries Limited

We have audited the Company and Group's annual financial statements of Clover Industries Limited, which comprise the separate and consolidated balance sheets as at 30 June 2009, the separate and consolidated income statements, the separate and consolidated statements of changes in equity and separate and consolidated cash flow statements for the year then ended, a summary of significant accounting policies, other explanatory notes and the Group Directors' and Audit Committee reports, as set out on pages 38 to 41 and 43 to 139.

Directors' responsibility for the financial statements

The Company's Directors are responsible for the preparation and fair presentation of these financial statements in accordance with International Financial Reporting Standards, and in the manner required by the Companies Act of South Africa. This responsibility includes: designing, implementing and maintaining internal control relevant to the preparation and fair presentation of financial statements that are free from material misstatement, whether due to fraud or error; selecting and applying appropriate accounting policies; and making accounting estimates that are reasonable in the circumstances.

Auditor's responsibility

Our responsibility is to express an opinion on these financial statements based on our audit. We conducted our audit in accordance with International Standards on Auditing. Those standards require that we comply with ethical requirements and plan and perform the audit to obtain reasonable assurance whether the financial statements are free from material misstatement.

An audit involves performing procedures to obtain audit evidence about the amounts and disclosures in the financial statements. The procedures selected depend on the auditor's judgement, including the assessment of the risks of material misstatement of the financial statements, whether due to fraud or error. In making those risk assessments, the auditor considers internal control relevant to the entity's preparation and fair presentation of the financial statements in order to design audit procedures that are appropriate in the circumstances, but not for the purpose of expressing an opinion on the effectiveness of the entity's internal control. An audit also includes evaluating the appropriateness of accounting policies used and the reasonableness of accounting estimates made by the Directors, as well as evaluating the overall presentation of the financial statements.

We believe that the audit evidence we have obtained is sufficient and appropriate to provide a basis for our audit opinion.

Opinion

In our opinion, the financial statements present fairly, in all material respects, the financial position of the Company and of the Group at 30 June 2009, and of the financial performance and its cash flows for the year then ended in accordance with International Financial Reporting Standards, and in the manner required by the Companies Act of South Africa.

Aan die aandeelhouders van Clover Industries Beperk

Ons het die Maatskappy en Groep se finansiële jaarstate van Clover Industries Beperk geaudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die afsonderlike en gekonsolideerde balansstate soos op 30 Junie 2009, die afsonderlike en gekonsolideerde inkomstestate, die afsonderlike en gekonsolideerde state van verandering in ekwiteit en die afsonderlike en gekonsolideerde kontantvloeiestate vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide, ander verduidelikende aantekeninge en die Groepdirekteurs- en Ouditkomiteeverslag, soos uiteengesit op bladsye 38 tot 41 en 43 tot 139.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die finansiële state

Die Maatskappy se Direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig "International Financial Reporting Standards", en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in: die ontwerp, implementering en instandhouding van interne beheer relevant tot die opstel en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute; die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

Ouditeur se verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons audit ooreenkomstig "International Standards on Auditing" uitgevoer. Daardie standaard vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat geselekteer word, hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikoboordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van ramings wat deur die Direkteure gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

Mening

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike aanbieding van die finansiële stand van die Maatskappy en die Groep op 30 Junie 2009 en van die Maatskappy en Groep se finansiële prestasies en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig "International Financial Reporting Standards" en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.

Ernst & Young Inc.

Ernst & Young Inc.
Registered Auditor/Geregistreeerde Ouditeur
Director/Direkteur: Mr/mnr FF Scheepers
11 September 2009
Johannesburg

CONSOLIDATED INCOME STATEMENTS/GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTATE

for the year ended 30 June	Notes/ Aantekeninge	Group/Groep		Company/Maatskappy		vir die jaar geëindig 30 Junie
		2009 R'000	2008 R'000	2009 R'000	2008 R'000	
REVENUE	7.1	6 262 626	5 735 371	106 295	90 082	INKOMSTE
Turnover		6 013 750	5 497 165			Omset
Cost of sales	7.2	(4 575 271)	(4 093 237)			Koste van verkope
Gross profit		1 438 479	1 403 928			Bruto wins
Other operating income	7.3	25 532	36 535	35 654	43 712	Ander bedryfsinkomste
Profit on deconsolidation of joint venture	5.2	637 518	-			Wins met dekonsolidasie van gesamentlike onderneming
Dividends received		344	713	51 969	34 016	Dividende ontvang
Selling and distribution expenses		(1 071 254)	(931 135)			Verkoops- en verspreidingskoste
Administrative expenses		(228 473)	(185 690)	(11 004)	(6 754)	Administratiewe uitgawes
Restructuring expenses	7.8	(25 619)	(11 350)			Herstruktureringuitgawes
Other operating expenses	7.4	(20 096)	(15 774)	(585)	-	Ander bedryfsuitgawes
Operating profit	7.5	756 431	297 227	76 034	70 974	Bedryfswins
Finance income	7.7	19 366	16 352	18 672	17 041	Finansieringsinkomste
Finance cost	7.6	(175 503)	(137 485)	(26 872)	(26 769)	Finansieringskoste
Profit before tax		600 294	176 094	67 834	61 246	Wins voor belasting
Income tax expense	8.1	(55 928)	(50 472)	(15 791)	(10 915)	Belastinguitgawe
Share of loss of an associated company	5.2	(5 456)	-			Deel van geassosieerde maatskappy se verlies
PROFIT FOR THE YEAR		538 910	125 622	52 043	50 331	WINS VIR DIE JAAR
Attributable to minority interests		(11 740)	(5 698)			Toeskryfbaar aan minderheidsbelange
Profit for the year attributable to shareholders of the parent company		527 170	119 924	52 043	50 331	Wins vir die jaar toeskryfbaar aan aandeelhouders van die houermaatskappy
Basic and diluted earnings per share (cents) – ordinary shares	9	22,3	5,2			Basiese en verwaterde verdienste per aandeel (sent) – gewone aandele
Basic and diluted earnings per share (cents) – preference shares	9	596,4	135,6			Basiese en verwaterde verdienste per aandeel (sent) – voorkeuraandele

CONSOLIDATED BALANCE SHEETS/GEKONSOLIDEERDE BALANSSTATE

as at 30 June	Notes/ Aantekeninge	Group/Groep		Company/Maatskappy		soos op 30 Junie
		2009 R'000	2008 R'000	2009 R'000	2008 R'000	
ASSETS						BATES
Non-current assets						Nie-bedryfsbates
Property, plant and equipment	11	931 778	1 028 547	693	707	Eiendom, aanleg en toerusting
Investment properties	12	1 221	1 114			Beleggingseiendomme
Intangible assets	13	289 001	328 128			Ontasbare bates
Investment in associated company	30	601 747	-			Belegging in geassosieerde maatskappy
Investment in subsidiary companies	30			326 735	226 735	Belegging in filiaalmaatskappye
Other investments	30	3	3 503	1	1	Ander beleggings
Deferred tax asset	14	110 349	104 764	1 772	4 526	Uitgestelde belastingbate
Total non-current assets		1 934 099	1 466 056	329 201	231 969	Totale nie-bedryfsbates
Current assets						Bedryfsbates
Inventories	15	529 221	609 520			Voorraad
Trade and other receivables	16	795 823	791 305	82 012	159 285	Handels- en ander debiteure
Cash and short-term deposits	17	273 971	504 423	42 146	7 702	Kontant en korttermyndeposito's
Assets of disposal group classified as held-for-sale	10	52 393	2 892	4	14	Bates van verkope-groep geklassifiseer as gehou-vir-verkoop
Total current assets		1 651 408	1 908 140	124 162	167 001	Totale bedryfsbates
TOTAL ASSETS		3 585 507	3 374 196	453 363	398 970	TOTALE BATES

CONSOLIDATED BALANCE SHEETS/GEKONSOLIDEERDE BALANSSTATE

as at 30 June	Notes/ Aantekeninge	Group/Groep		Company/Maatskappy		soos op 30 Junie
		2009 R'000	2008 R'000	2009 R'000	2008 R'000	
EQUITY AND LIABILITIES						EKWITEIT EN LASTE
EQUITY						EKWITEIT
Issued capital	18	17 498	17 498	17 498	17 498	Uitgereikte aandelekapitaal
Share premium	18	121 032	121 032	118 775	118 775	Aandelepremie
Treasury share capital and share premium	18	(4 024)	(4 024)			Tesourie-aandelekapitaal en aandelepremie
Other reserves	19	843 587	239 893	2 170	2 170	Ander reserwes
Retained earnings	20	462 029	564 222	109 178	87 119	Behoue verdienste
Total equity attributable to shareholders of the parent company		1 440 122	938 621	247 621	225 562	Totale ekwiteit toeskryfbaar aan aandeelhouders van die houermaatskappy
Minority interests		40 886	48 308			Minderheidsbelange
TOTAL EQUITY		1 481 008	986 929	247 621	225 562	TOTALE EKWITEIT
LIABILITIES						LASTE
Non-current liabilities						Nie-bedryfslaste
Interest-bearing loans and borrowings	21	761 425	657 001	157 005	151 650	Rentedraende lenings en verpligtinge
Share-based payments	31	130	-			Aandelegebaseerde betalings
Provisions	22	60 364	62 883			Voorsienings
Deferred tax liability	14	6 292	28 577			Uitgestelde belastinglas
Total non-current liabilities		828 211	748 461	157 005	151 650	Totale nie-bedryfslaste
Current liabilities						Bedryfslaste
Trade and other payables	23	1 020 335	1 103 825	45 737	15 480	Handels- en ander krediteure
Interest-bearing loans and borrowings	21	234 809	517 581			Rentedraende lenings en verpligtinge
Share-based payments	31	985	-			Aandelegebaseerde betalings
Income tax payable	25.3	3 510	3 097	3 000	6 278	Inkomstebelasting betaalbaar
Provisions	22	16 649	14 303			Voorsienings
Total current liabilities		1 276 288	1 638 806	48 737	21 758	Totale bedryfslaste
TOTAL LIABILITIES		2 104 499	2 387 267	205 742	173 408	TOTALE LASTE
TOTAL EQUITY AND LIABILITIES		3 585 507	3 374 196	453 363	398 970	TOTALE EKWITEIT EN LASTE

CONSOLIDATED STATEMENT OF CHANGES IN EQUITY/ GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

Group/Groep											
for the year ended 30 June	Notes/Aantekeninge	Ordinary and preference share capital/Gewone- en voorkeur- aandelekapitaal	Ordinary and preference share premium/Gewone- en voorkeuraandelepremie	*Debt portion of preference share capital/Skuldcomponent van voorkeuraandelekapitaal	Treasury share capital and premium/Tesourie-aandele- kapitaal en -premie	Other reserves/ Ander reserves	Retained earnings/ Behoue verdienste	Total/ Totaal	Minority interest/ Minderheidsbelang	Total equity/ Totale ekwiteit	vir die jaar geëindig 30 Junie
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
Balance at 1 July 2007		16 340	259 322	[149 691]	[3 589]	243 926	462 674	828 982	28 508	857 490	Saldo op 1 Julie 2007
Foreign exchange translation differences recognised directly in equity						(4 033)		(4 033)	1 068	(2 965)	Verskille in omsetting van buitelandse valuta direk erken in ekwiteit
Profit for the year							119 924	119 924	5 698	125 622	Wins vir die jaar
Net income and expense for the year						(4 033)	119 924	115 891	6 766	122 657	Netto inkomste en uitgawe vir die jaar
Ordinary shares issued	18.3	1 158	11 103					12 261		12 261	Gewone aandele uitgereik
Decrease in treasury shares				298	(435)			(137)		(137)	Vermindering in tesourie-aandele
Dividends of subsidiaries									(10 008)	(10 008)	Dividende van filiale
Dividends declared	24						(18 376)	(18 376)		(18 376)	Dividende verklaar
Preference shares issued									15 209	15 209	Voorkeuraandele uitgereik
Acquisition of interest in Mayo Dairy									7 833	7 833	Verkryging van belang in Mayo Dairy
Balance at 30 June 2008		17 498	270 425	[149 393]	[4 024]	239 893	564 222	938 621	48 308	986 929	Saldo op 30 Junie 2008
Foreign exchange translation differences recognised directly in equity						4 161		4 161	(282)	3 879	Verskille in omsetting van buitelandse valuta direk erken in ekwiteit
Profit for the year							527 170	527 170	11 740	538 910	Wins vir die jaar
Net income and expense for the year						4 161	527 170	531 331	11 458	542 789	Netto inkomste en uitgawe vir die jaar
Dividends of subsidiaries									(6 819)	(6 819)	Dividende van filiale
Dividends declared	24						(29 984)	(29 984)		(29 984)	Dividende verklaar
Deconsolidation of joint venture	25.4								(12 061)	(12 061)	Dekonsolidasie van gesamentlike onderneming
Transfer to sundry reserve	19.2					599 533	(599 533)	-		-	Oordrag na diverse reserve
Mayo aquisition adjustment							154	154		154	Mayo-verkryging aanpassing
Balance at 30 June 2009		17 498	270 425	[149 393]	[4 024]	843 587	462 029	1 440 122	40 886	1 481 008	Saldo op 30 Junie 2009

*Transfer to interest-bearing debt

*Oordrag na rentedraende lenings

CONSOLIDATED STATEMENT OF CHANGES IN EQUITY/ GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

Company/Maatskappy								
for the year ended 30 June	Notes/Aantekeninge	Ordinary and preference-share capital/Gewone en voorkeur-aandelekapitaal	Ordinary and preference-share premium/Gewone en voorkeur-aandelepremie	*Debt portion of preference-share capital/Skuidkomponent van voorkeuraandelekapitaal	Other reserves/Ander reserves	Retained earnings/Behoue verdienste	Total equity/Totale ekwiteit	vir die jaar geëindig 30 Junie
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
Balance at 1 July 2007		16 340	259 322	(151 650)	2 170	55 164	181 346	Saldo op 1 Julie 2007
Profit for the year						50 331	50 331	Wins vir die jaar
Ordinary shares issued	18.3	1 158	11 103				12 261	Gewone aandele uitgereik
Dividends declared	24					(18 376)	(18 376)	Dividende verklaar
Balance at 30 June 2008		17 498	270 425	(151 650)	2 170	87 119	225 562	Saldo op 30 Junie 2008
Profit for the year						52 043	52 043	Wins vir die jaar
Dividends declared	24					(29 984)	(29 984)	Dividende verklaar
Balance at 30 June 2009		17 498	270 425	(151 650)	2 170	109 178	247 621	Saldo op 30 Junie 2009

* Transfer to interest-bearing debt.

*Oordrag na rentedraende lenings

CONSOLIDATED CASH FLOW STATEMENTS/GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTATE

for the year ended 30 June	Notes/ Aantekeninge	Group/Groep		Company/Maatskappy		vir die jaar geëindig 30 Junie
		2009 R'000	2008 R'000	2009 R'000	2008 R'000	
Operating activities						Bedryfsaktiwiteite
Cash generated from/(utilised by) operations	25.1	150 679	123 224	1 625	[14 747]	Kontant gegeneer/(benut) deur bedrywighede
Finance cost	7.6	[175 503]	[137 485]	[26 872]	[26 769]	Finansieringskoste
Income tax paid	25.3	[66 822]	[80 857]	[16 316]	[8 627]	Inkomstebelasting betaal
Dividends paid	24	-	[18 376]	-	[18 376]	Dividende betaal
Net cash flow utilised in operating activities		[91 646]	[113 494]	[41 563]	[68 519]	Netto kontantvloeï benut in bedryfsaktiwiteite
Investing activities						Beleggingsaktiwiteite
Proceeds from sale of property, plant and equipment		5 804	19 914	11	6 642	Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting
Foreign exchange (loss)/gain		[2 280]	13 918			(Verlies)/wins op buitelandse valuta
Finance income	7.7	19 366	16 352	18 672	17 041	Finansieringsinkomste
Dividends received		344	713	51 969	34 016	Dividende ontvang
Dividends received from associated company		35 121	-			Dividende ontvang van geassosieerde maatskappy
Tangible assets acquired with acquisition of interest in Mayo Dairy	11.5	-	[11 712]			Tasbare bates verkry met verkryging van belang in Mayo Dairy
Capital expenditure: tangible assets		[190 035]	[196 729]			Kapitaalbesteding: tasbare bates
Capital expenditure: intangible assets						Kapitaalbesteding: nie-tasbare bates
- with acquisition of interest in Mayo Dairy	13.1	-	[45 815]			- met verkryging van belang in Mayo Dairy
- with acquisition of trademarks, patents and software licences	13.2	[19 418]	[10 880]			- met verkryging van handelsmerke, patente en programmatuurlisensies
Reduction in cash with deconsolidation of Danone Clover	25.4	[39 454]	-			Afname in kontant met dekonsolidasie van Danone Clover
Acquisition of deferred tax asset in Mayo Dairy		-	640			Verkryging van uitgestelde belastingbate in Mayo Dairy
Proceeds from sale of other investments		-	530	-	19	Opbrengs met verkoop van ander beleggings
Net cash flow (utilised in)/from investing activities		[190 552]	[213 069]	70 652	57 718	Netto kontantvloeï (benut in)/uit beleggingsaktiwiteite
Net cash flow before financing activities		[282 198]	[326 563]	29 089	[10 801]	Netto kontantvloeï voor finansieringsaktiwiteite

CONSOLIDATED CASH FLOW STATEMENTS/GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTATE

		Group/Groep		Company/Maatskappy		
for the year ended 30 June	Notes/ Aantekeninge	2009 R'000	2008 R'000	2009 R'000	2008 R'000	vir die jaar geëindig 30 Junie
Financing activities						Finansieringsaktiwiteite
(Decrease)/increase in minority interest	25.5	(7 101)	14 102			(Afname)/toename in minderheidsbelang
Proceeds from issue of shares	18.3	-	12 261	-	12 261	Opbrengs uit uitreiking van aandele
Reduction in treasury shares	18.4	-	(137)			Vermindering van tesourie-aandele
Repayment of borrowings		(161 506)	(95 965)	-	(1)	Terugbetaling van lenings
Proceeds from borrowings		220 353	568 160	5 355	-	Opbrengs uit lenings
Net cash flow from financing activities		51 746	498 421	5 355	12 260	Netto kontantvloeit uit finansieringsaktiwiteite
Net (decrease)/increase in cash and cash equivalents		(230 452)	171 858	34 444	1 459	Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente
Cash and cash equivalents at the beginning of the year	17	504 423	332 565	7 702	6 243	Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar
Cash and cash equivalents at the end of the year	17	273 971	504 423	42 146	7 702	Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

1 Corporate information

Clover Industries Limited (the "Company") is a company incorporated and domiciled in South Africa. The consolidated financial statements of the Group for the year ended 30 June 2009 comprise the Company and its subsidiary companies (together referred to as the "Group") and the Group's interest in jointly controlled entities. The Companies within the Group have coterminous year-ends, with the exception of Danone Clover previously a joint venture, now an associate company. Appropriate measures have been employed to ensure that the income of Danone Clover is accounted accurately in the Group accounts.

The consolidated financial statements of Clover Industries Limited for the year ended 30 June 2009 were approved in accordance with a resolution of the Directors on 10 September 2009.

The Group's operations and principal activities are set out in the Directors' report.

2 Basis of accounting

2.1 Basis of preparation

(a) Statement of compliance

The financial statements have been prepared in accordance with International Financial Reporting Standards and their interpretations adopted by the International Accounting Standards Board.

(b) Preparation

The consolidated financial statements are presented in rands, rounded off to the nearest thousand. They are prepared on the historical-cost basis unless otherwise stated. The carrying values of the recognised liabilities that are hedged items in fair value hedges, and are otherwise carried at cost, are adjusted to record changes in the fair values attributable to the risks that are being hedged. The preparation of financial statements in conformity with IFRS requires Management to make judgements, estimates and assumptions that affect the application of policies and reported amounts of assets and liabilities, income and expenses. These estimates and associated assumptions are based on experience and various other factors that are believed to be reasonable under the circumstances, the results of which form the basis of making the judgements about carrying values of assets and liabilities that are not readily apparent from the other sources. Actual results may differ from these estimates. The estimates and underlying assumptions are reviewed on an ongoing basis.

Revisions to accounting estimates are recognised in the period in which the estimate is revised if the revision affects only that period, or in the period of the revision and future periods if the revision affects both current and future periods. Judgements made by Management that have significant effect on the financial statements and estimates with a significant risk of material adjustment in the next year are discussed in Note 2.3. The accounting policies set out below have been applied consistently to all periods presented in these financial statements.

(c) Changes in accounting policies and disclosures

The accounting policies adopted are consistent with those of the previous financial year. The Group has adopted the following new and amended IFRS and IFRIC interpretations during the year:

1 Korporatiewe inligting

Clover Industries Beperk (die "Maatskappy") is 'n maatskappy geïnkorporeer en gevestig in Suid-Afrika. Die gekonsolideerde finansiële state van die Groep vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 sluit die Maatskappy en sy filiale in (saam word daar na die "Groep" verwys) en die Groep se belange in gesamentlike beheerde entiteite. Die Maatskappye in die Groep se jaareindes stem ooreen, met die uitsondering van die Danone Clover, voorheen 'n gesamentlike onderneming, nou 'n geassosieerde maatskappy. Toepaslike stappe is geneem om te verseker dat die inkomste van Danone Clover akkuraat verantwoord word in die Groep.

Die gekonsolideerde finansiële state van Clover Industries Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 is deur die Direkteure goedgekeur in terme van 'n resoluëie op 10 September 2009.

Die Groep se bedrywighede en hoof-aktiwiteite word in die Direkteursverslag uiteengesit.

2 Rekeningkundige basis

2.1 Basis van voorbereiding

(a) Verklaring van nakoming

Die finansiële state is opgestel ingevolge die "International Financial Reporting Standards" en die vertolking daarvan deur die "International Accounting Standards Board".

(b) Voorbereiding

Die gekonsolideerde finansiële state word in rande aangebied, afgerond tot die naaste duisend. Die state is opgestel op die historiese kostebasis, tensy anders aangetoon. Die drawaarde van die erkende laste wat in instrumente met 'n billike waarde verskans is en andersins teen kosprys gedra word, word aangepas om veranderinge in die billike waarde van die risiko's wat verskans word aan te teken. Die voorbereiding van finansiële state in ooreenstemming met IFRS vereis dat die Bestuur waardebepalings, ramings en aannames moet maak wat die toepassing van beleid en die aangeduide waardes van bates en laste en inkomste en uitgawes raak. Die ramings en verwante aannames is gegrond op ervaring en verskeie ander faktore wat in die omstandighede as redelik beskou kan word en die resultate vorm die basis van die menings oor die drawaardes van bates en laste wat nie geredelik uit ander bronne blyk nie. Werklike waardes mag van hierdie ramings verskil. Die ramings en onderliggende aannames word voortdurend hersien.

Hersienings van rekeningkundige ramings word erken in die tydperk waarin die raming hersien word indien die hersiening slegs daardie tydperk raak, of in die tydperk van hersiening en daaropvolgende tydperke as die hersiening huidige sowel as toekomstige tydperke raak. Waardebepalings deur Bestuur wat 'n beduidende uitwerking op die finansiële state en ramings het en 'n beduidende risiko van wesentlike aanpassing in die volgende jaar inhou, word in Aantekening 2.3 bespreek. Die rekeningkundige beleid hieronder omskryf is konsekwent op alle periodes in hierdie finansiële state toegepas.

(c) Veranderinge in rekeningkundige beleide en openbaarmakings

Die selfde rekeningkundige beleid is toegepas as in die vorige finansiële jaar. Die Groep het die volgende nuwe en gewysigde IFRS- en IFRIC-interpretasies gedurende die jaar toegepas:

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

Standard/Interpretation

IAS 39 & IFRS 7 Reclassification of Financial Assets (Amendments to IAS 39 Financial Instruments: Recognition and Measurement and IFRS 7 Financial Instruments: Disclosures)

IFRIC 11 & IFRS 2 Group and Treasury Share Transactions

IFRIC 14 & IAS 19 The limit on a defined benefit asset, minimum funding requirements and their interaction

IAS 31 Interest in joint ventures

IFRS 1 & IAS 27 Amendments to IFRS 1 First-time adoption of IFRS and IAS 27 consolidated and separate financial statements. Cost of an Investment in a subsidiary, joint controlled entity or associate company.

IFRS 3 Business combination

Impact and application

IAS 39 & IFRS 7 The Group did not reclassify any financial assets as allowed by the standard, as there were no circumstances that warrant it.

IFRIC 11 & IFRS 2 The Group do not have any treasury share transactions, therefore the interpretation is not applicable to the Group.

IFRIC 14 & IAS 19 The Group did not recognise any defined benefit assets, therefore the adoption of the interpretation has no impact on the Group.

IAS 31 The Group early adopted the amendments to paragraph 45 of IAS 31 regarding the loss of joint control in a joint venture as disclosed in the Director's report. It resulted in a profit of R637,5 million for the year.

IFRS 1 & IAS 27 The Group early adopted IAS 27 which has no impact on the Group results and disclosure.

IFRS 3 The Group early adopted IFRS 3 which has no impact on the Group result and disclosure.

The adoption of these standards and interpretations did not have any effect on the financial performance or position of the Group or on any additional disclosure, as no event occurred that these standards and interpretations relate to.

2.2 Standards, Interpretations and Amendments issued that are not yet effective

At the date of authorisation of the Group annual financial statements for the year ended 30 June 2009, the following standards and interpretations were in issue but not yet effective:

Standaard/Interpretasie

IAS 39 & IFRS 7 Herklassifisering van Finansiële Bates (Wysigings tot IAS 39 Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting en IFRS 7 Finansiële Instrumente: Openbaarmaking)

IFRIC 11 & IFRS 2 Groep- en Tesourie-aandeletransaksies

IFRIC 14 & IAS 19 Beperking op 'n vastevoordebate, minimum befondsingsvereistes en hulle interaksie

IAS 31 Belange in gesamentlike ondernemings

IFRS 1 & IAS 27 Wysiging tot IFRS 1 Eerste keer toepassing van IFRS en IAS 27 gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state. Koste van 'n belegging in 'n filiaal, gesamentlike onderneming of geassosieerde maatskappy.

IFRS 3 Besigheidsamevoeging

Impak en toepassing

IAS 39 & IFRS 7 Die Groep het geen finansiële bates herklassifiseer soos deur die standaard toegelaat nie, omdat geen omstandighede dit geregverdig het nie.

IFRIC 11 & IFRS 2 Die Groep het geen tesourie-aandeletransaksies nie, derhalwe is die interpretasie nie op die Groep van toepassing nie.

IFRIC 14 & IAS 19 Die Groep het geen vastevoordebates erken nie, derhalwe het die toepassing van die interpretasie geen impak op die Groep nie.

IAS 31 Die Groep het die wysiging van IAS 31 paragraaf 45 vroeg toegepas aangaande die verlies van gesamentlike beheer soos in die Direkteursverslag geopenbaar. Dit het 'n wins van R637,5 miljoen tot gevolg gehad.

IFRS 1 & IAS 27 Die Groep het IAS 27 vroeg toegepas wat geen impak op die resultate en openbaarmaking van die Groep het nie.

IFRS 3 Die Groep het IFRS 3 vroeg toegepas wat geen impak op die resultate en openbaarmaking van die Groep het nie.

Die toepassing van hierdie standaarde en interpretasies het geen effek op die finansiële prestasie of posisie van die Groep of op enige bykomende openbaarmaking nie, omdat geen voorval plaasgevind het waaraan hierdie standaarde en interpretasies gekoppel kan word nie.

2.2 Standaard, Interpretasies en Wysigings uitgereik en nie geïmplementeer nie

Op die magtigingsdatum van die Groep se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 was die volgende standaard en interpretasies uitgereik, maar nog nie toegepas nie:

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

	Date issued/ Datum uitgereik	Effective years beginning/ Effektiewe aanvangsjaar	
IAS 1 – Presentation of Financial Statements (Revised)	Aug-08	Jan-09	IAS 1 – Voorstelling van Finansiële State (Hersien)
IFRS 2 – Share-based Payment: Vesting Conditions and Cancellations to be loaded	Jan-08	Jan-09	IFRS 2 – Aandeelgebaseerde Betaling: Vestigingsvoorwaardes en Kanselliasies om belas te word
IFRS 8 – Operating Segments	Nov-06	Jan-09	IFRS 8 – Bedryfsegmente
IAS 23 – Borrowing Costs (Revised)	Mar-07	Jan-09	IAS 23 – Leningskoste (Hersien)
IAS 32 & IAS 1 – Amendments – Financial Instruments: Presentation IAS 1 Amendments – Presentation of Financial Statements: Puttable Financial Instruments and Obligations Arising on Liquidation	Feb-08	Jan-09	IAS 32 & IAS 1 – Wysigings – Finansiële Instrumente: Voorstelling van IAS 1 Wysigings – Voorstelling van Finansiële State: Koopopsie Finansiële Instrumente en Aanspreeklikhede Voorspruitend uit Likwidasie
IAS 39 – Eligible Hedged Items (Amendment to IAS 39 Financial Instruments: Recognition and Measurement)	Aug-08	Jul-09	IAS 39 – Kwalifiserende Verskanste Items (Wysiging tot IAS 39 Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting)
IFRIC 9 – Amended: Reassessing Embedded Derivatives	Jan-08	Jul-09	IFRIC 9 – Wysiging: Herwaardering van Vasgeslote Afgeleide Instrumente
IFRIC 16 – Hedges of a Net Investment in a Foreign Operation	Jul-08	Oct-08	IFRIC 16 – Verskansing van 'n Nettobelegging in 'n Buitelandse Onderneming
IFRIC 17 – Distribution of Non-cash Assets to Owners	Nov-08	Jul-09	IFRIC 17 – Distribusie van Nie-kontantbates aan Eienaars
IFRIC 18 – Transfers of Assets from Customers	Jan-09	Jul-09	IFRIC 18 – Oorskrywing van Bates van Kliënte
Improvements to IFRS (May 2008)	May-08	Refer below/ Sien onder	Verbeteringe tot IFRS (Mei 2008)

The amendments to IFRS 2, IFRS 1 & IAS 27, IAS 32 & IAS 1, IFRIC 16, IFRIC 17 and IFRIC 18 are not applicable to the business of the Group and will therefore have no impact on the financial position or performance of the Group. The Group currently has no transaction or does not foresee any transactions that relate to the specific amendments or interpretations.

The Directors are of the opinion that the impact of the application of the remaining standards will be as follows:

IAS 1 Presentation of Financial Statements (Revised)

The amendments to IAS 1 affect the presentation of comparative information upon retrospective application of an accounting policy or makes a retrospective restatement of items in its financial statements, or when it reclassifies items in its financial statements, as well as affects the reporting of owner changes and non-owner changes in equity. The amendment to IAS 1 also introduces the statement of comprehensive income.

The Group plans to adopt the revised IAS 1 in its 2010 financial year. The revised standard will have no impact on the financial position or performance of the Group.

IFRS 8 Operating Segments

IFRS 8 was issued as part of the convergence project with the US Financial Accounting Standards Board.

Die wysigings tot IFRS 2, IFRS 1 & IAS 27, IAS 32 & IAS 1, IFRIC 16, IFRIC 17 en IFRIC 18 is nie van toepassing op die besigheid van die Groep nie en het derhalwe geen impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep nie. Die Groep het tans geen transaksie of voorsien geen transaksies wat verband hou met die spesifieke wysigings of interpretasies nie.

Die Direkteure is van mening dat die impak van die toepassing van die oorblywende standaarde soos volg sal wees:

IAS 1 Voorstelling van Finansiële State (Hersien)

Die wysigings tot IAS 1 raak die voorstelling van vergelykende inligting by terugwerkende toepassing van 'n rekeningkundige beleid of maak 'n terugwerkende herverklaring van items in sy finansiële state, of wanneer dit items in sy finansiële state herklassifiseer; dit raak ook die verslagdoening oor eienaarveranderinge en nie-eienaarveranderinge in ekwiteit. Die wysiging tot IAS 1 stel ook die staat van omvattende inkomste bekend.

Die Groep beplan om die hersiene IAS 1 in sy 2010 finansiële jaar toe te pas. Die hersiene standaard sal geen impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep hê nie.

IFRS 8 Bedryfsegmente

IFRS 8 is uitgereik as deel van die konvergensieprojek met die US Financial Accounting Standards Board.

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

This new standard replaces IAS 14 Segment Reporting and adopts a management approach to segment reporting as required in the US Standard SFAS 131 Disclosures about Segments of an Enterprise and Related Information. The information reported would be that which management uses internally for evaluating the performance of operating segments and allocating resources to those segments. This information may be different from that reported in the balance sheet and income statement and entities will need to provide explanations and reconciliations of the differences.

Additional disclosures required by IFRS 8 are:

- For all entities:
 - Information about products and services
 - Information about geographical areas
 - Information about major customers
- The factors used to identify an entity's reportable segments
- For each reportable segment, information is disclosed only if included in the results reported to the Chief Operating Decision Maker

Items currently required by IAS 14 plus the following are to be considered:

- Interest revenue
- Interest expense
- Income tax expense or income
- Segment liabilities, if such information is reviewed by the CODM

- An explanation of the measurement basis used to determine the amounts disclosed:
- A reconciliation between total reportable segment items with the amounts disclosed in the financial statements for revenues, profit or loss, assets, liabilities and other material items.

The Group will adopt IFRS 8 for the first time in its financial reporting period ending 31 March 2010.

The additional disclosure will not have any financial impact.

IAS 23 Borrowing Costs (Revised)

The Group will be required to capitalise borrowing costs that are directly attributable to the acquisition, construction or production of a qualifying asset as part of the cost of that asset and recognise other borrowing costs as an expense in the period in which they are incurred.

The Group plans to adopt IAS 23 in its 2009 financial year. The Group's current accounting policy agrees to this amendment, therefore the amendment will have no impact on the financial position or performance of the Group.

IAS 39 Eligible Hedged Items (Amendment to IAS 39 Financial Instruments: Recognition and Measurement)

The main amendments made were:

- The final amendment addresses only the designation of a one-sided risk in a hedged item, and the designation of inflation as a hedged risk or portion in particular situations. The amendment clarifies that an entity is permitted to designate a portion of the fair value changes or cash flow variability of a financial instrument as a hedged item

Hierdie nuwe standaard vervang IAS 14 Segmentverslagdoening en neem 'n bestuursbenadering in tot segmentverslagdoening soos verlang in die US Standard SFAS 131 Openbaarmaking rondom Segmente van 'n Onderneming en Verwante Inligting. Die inligting vermeld sou inligting wees wat bestuur intern gebruik vir die evaluering van die prestasie van bedryfsegmente en die toekenning van hulpbronne aan daardie segmente. Die inligting mag verskil van dit wat in die balansstaat en inkomstestaat verskyn en entiteite sal die verskille moet verduidelik en rekonsilieer.

Bykomende openbaarmaking wat deur IFRS 8 vereis word, is:

- Vir alle entiteite:
 - Inligting oor produkte en dienste
 - Inligting oor geografiese gebiede
 - Inligting oor belangrike klante
- Die faktore wat gebruik word om entiteite se verslagdoening-segmente te identifiseer
- Vir elke verslagdoeningsegment word inligting slegs geopenbaar as dit ingesluit is in die resultate wat aan die Hoof Bedryfs-beleidsbepaler gerapporteer word

Items huidig deur IAS 14 vereis plus die volgende moet in ag geneem word:

- Rente-inkomste
- Rente-uitgawes
- Inkomstebelastinguitgawes en -inkomste
- Segmentaanspreeklikheid, indien sodanige inligting deur die CODM nagegaan is

- 'n Verklaring van die metingsbasis gebruik om die bedrae geopenbaar te bepaal:
- 'n Rekonsiliasie tussen die totale meldbare segmentitems met die bedrae in die finansiële state geopenbaar vir inkomste, wins of verlies, bates, laste en ander wesentlike items.

Die Groep sal IFRS 8 die eerste keer toepas in sy finansiële verslagdoening vir die tydperk eindigende 31 Maart 2010.

Die bykomende openbaarmaking sal geen finansiële impak hê nie.

IAS 23 Leningskoste (Hersien)

Daar sal van die Groep verwag word om leningskoste te kapitaliseer wat direk toeskryfbaar is aan die verkryging, konstruksie of produksie van 'n kwalifiserende bate as deel van die koste van daardie bate en ander leningskoste te erken as 'n uitgawe in die tydperk waarin dit aangegaan word.

Die Groep beplan om IAS 23 in sy 2009 finansiële jaar toe te pas. Die Groep se huidige rekeningkundige beleid stem ooreen met hierdie verandering, derhalwe sal die verandering geen impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep hê nie.

IAS 39 Geskikte Verskanste Items (Wysiging tot IAS 39 Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting)

Die vernaamste wysigings was:

- Die finale wysiging spreek slegs die aanduiding van 'n eensydige risiko in 'n verskanste item aan, en die aanduiding van inflasie as 'n verskanste risiko of gedeelte in besondere situasies. Die wysiging verduidelik dat 'n entiteit toegelaat word om 'n gedeelte van die billikewaarde-veranderinge of kontantvloei-veranderlikheid van 'n finansiële instrument as 'n verskanste item aan te toon

- An entity can designate the changes in fair value or cash flows related to a one-sided risk as the hedged item in an effective hedge relationship. In most cases, the intrinsic value of a purchased option hedging instrument, but not its time value, reflects a one-sided risk in a hedge item
- The designated risks and portions of fair values or cash flows in an effective hedge relationship must be separately identifiable components of the financial instrument. Additionally, the changes in fair values or cash flows of the entire financial instrument arising from changes in the designated risks and portions must be reliably measurable
- The amendment indicates that inflation is not a separately identifiable risk and cannot be designated as the hedged risk unless it represents a contractually specified cash flow.

The Group plans to adopt the amendment to IAS 39 in its 2010 financial year. As the results of future transactions cannot be anticipated, the impact of the changes cannot be determined.

IFRIC 9 Reassessment of Embedded Derivatives

An entity shall assess whether an embedded derivative is required to be separated from the host contract and accounted for as a derivative when the entity first becomes a party to the contract, with reassessment only if there is a change to the contract that significantly modifies the cash flows.

As the Group only reassessed embedded derivatives as being under the circumstances mentioned in this interpretation, the interpretation will have no impact on the financial position or performance of the Group.

Changes to the definition of a business combination in the revisions to IFRS 3 Business Combinations (as revised in 2008) caused the accounting for the formation of a joint venture by the venturer to be within the scope of IFRIC 9. Similarly, the International Accounting Standards Board (the Board) noted that common control transactions might raise the same issue depending on which level of the Group reporting entity is assessing the combination.

The Board observed that during the development of the revised IFRS 3, it did not discuss whether it intended IFRIC 9 to apply to those types of transactions. The Board did not intend to change existing practice by including such transactions within the scope of IFRIC 9. Accordingly, the Improvements to IFRS issued in April 2009, the Board amended paragraph 5 of IFRIC 9 to clarify that IFRIC 9 does not apply to embedded derivatives in contracts acquired in a combination between entities or business under common control of the formation of a joint venture.

Improvements to IFRS (May 2008)

During May 2008, the Board issued its first omnibus of amendments to its standards. The improvements project is an annual project that provides a mechanism for making non-urgent, but necessary, amendments to standards, primarily with a view to removing inconsistencies and clarifying wording. The document comprises two parts.

- 'n Entiteit kan die veranderinge in billike waarde of kontantvloei met betrekking tot 'n eensydige risiko as die verskantste item in 'n effektiewe verskanste verhouding aandui. In die meeste gevalle weerspieël die intrinsieke waarde van 'n aangekoopte opsieverskansingsinstrument, maar nie sy tydwaarde nie, 'n eensydige risiko in 'n verskansingsitem
- Die aangeduide risiko's en dele van billike waarde of kontantvloei in 'n effektiewe verskansingsverhouding moet afsonderlik identifiseerbare komponente van die finansiële instrument wees. Bykomend moet die veranderinge in billike waarde of kontantvloei van die totale finansiële instrument voorspruitend uit veranderinge in die benoemde risiko's en gedeeltes, op betroubare wyse meetbaar wees
- Die wysiging dui aan dat inflasie nie 'n afsonderlik identifiseerbare risiko is nie en nie as die verskanste risiko aangedui kan word nie tensy dit 'n kontraktueel gespesifiseerde kontantvloei verteenwoordig.

Die Groep beplan om die wysigings tot IAS 39 in sy 2010 finansiële jaar toe te pas. Aangesien die resultate van toekomstige transaksies nie voorsien kan word nie, kan die impak van die veranderinge nie bepaal word nie.

IFRIC 9 Herwaarderings van Vasgeslote Afgeleide Instrumente

'n Entiteit sal beraam of 'n vasgeslote afgeleide instrument van die gasheerkontrak afgesonder moet word en as 'n afgeleide instrument in rekening gebring moet word wanneer die entiteit aanvanklik deel van die kontrak word, met herwaarderings slegs as daar 'n verandering aan die kontrak is wat die kontantvloei aansienlik wysig.

Aangesien die Groep slegs vasgeslote afgeleide instrumente herwaardeer het soos in die omstandighede in hierdie interpretasie vermeld, sal die interpretasie geen impak op die finansiële posisie of prestasie van die Groep hê nie.

Veranderinge aan die definisie van 'n besigheidskombinasie met die hersiening van IFRS 3. Besigheidskombinasies (soos hersien in 2008) ag dat die teboekstelling van die stigting van 'n gesamentlike onderneming deur die ondernemer binne die trefwydte van IFRIC 9 is. Dienooreenkomstig het die "International Accounting Standards Board" (die Raad) opgemerk dat transaksies met betrekking tot gesamentlike beheer dieselfde aangeleenthede na vore bring, afhangelend op watter vlak van die Groeprapporteringseentiteit die kombinasie evalueer.

Die Raad het waargeneem dat gedurende die ontwikkeling van die hersiene IFRS 3, is daar nie bespreek of die bedoeling was dat IFRIC 9 op die transaksies van toepassing moet wees nie. Die Raad wou nie bestaande praktyk verander deur die transaksies by die trefwydte van IFRIC 9 in te sluit nie. Dienooreenkomstig, met betrekking tot die verbetering tot IFRS, uitgereik in April 2009, het die Direksie paragraaf 5 van IFRIC 9 aangepas om dit uit te klaar dat IFRIC 9 nie van toepassing is op afgeleide instrumente in ooreenkomste in 'n kombinasie tussen entiteite of besighede onder gesamentlike beheer of die stigting van 'n gesamentlike onderneming nie.

Verbeterings tot IFRS (Mei 2008)

Gedurende Mei 2008 het die Raad sy eerste omnibus van wysigings tot sy standarde uitgereik. Die verbeteringsprojek is 'n jaarlikse projek wat 'n meganisme verskaf om nie-dringende, maar noodsaaklike wysigings van standarde te maak, hoofsaaklik met die doel om inkonsekwentheid te verwyder en bewoording op te klaar. Die dokument bestaan uit twee dele.

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

Part I of this document contains amendments that result in accounting changes for presentation, recognition or measurement purposes, with the IASB's rationale included in related bases for conclusions.

Part II contains amendments that are terminology or editorial changes only, which the IASB expects to have no or minimal effect on accounting.

Deel I van die dokument bevat wysigings wat lei tot rekeningkundige veranderinge in voorstelling, erkenning of meting, met die IASB se opgaaf van redes in verwante voetnotas vervat vir afleidings.

Deel II bevat wysigings wat slegs terminologie- of redigeringsveranderinge is, wat na die IASB se mening min of geen uitwerking op rekeningkunde sal hê nie.

Part I	Effective date/ Effektiewe datum	Deel I
IFRS 5 – Non-current Assets Held for Sale and Discontinued Operations • Plan to sell the controlling interest in a subsidiary	01-Jul-09	IFRS 5 – Nie-bedryfsbates Gehou vir Verkoop en Beëindigde Bedrywighede • Beoogde verkoop van die beherende belang in 'n filiaal
IAS 1 – Presentation of Financial Statements • Current/non-current classification of derivatives	01-Jan-09	IAS 1 – Voorstelling van Finansiële State • Bedryfs-/nie-bedryfsklassifisering van afgeleide instrumente
IAS 16 –Property, Plant and Equipment • Recoverable amount • Sale of assets held for rental	01-Jan-09	IAS 16 – Eiendom, Aanleg en Toerusting • Verhaalbare bedrag • Verkoop van bates gehou vir verhuring
IAS 19 – Employee Benefits • Curtailments and negative past service cost • Plan administration costs • Replacement of term 'fall due' • Guidance on contingent liabilities	01-Jan-09	IAS 19 – Werknemervoordele • Besnoeiings en negatiewe diensgelde in die verlede • Beplanning van administrasiekoste • Vervanging van term 'betaalbaar word' • Voorligting oor voorwaardelike aanspreeklikheid
IAS 20 – Accounting for Government Grants and Disclosure of Government Assistance • Government loans with a below-market rate of interest	01-Jan-09	IAS 20 –Rekenskap van Regeringstoelaes en Openbaarmaking van Regeringshulp • Regeringslenings met 'n rentekoers laer as die mark
IAS 23 – Borrowing Costs • Components of borrowing costs	01-Jan-09	IAS 23 – Leningskoste • Komponente van leningskoste
IAS 27 – Consolidated and Separate Financial Statements • Measurement of subsidiary held for sale in separate financial statements	01-Jan-09	IAS 27 – Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State • Meting van filiale gehou vir verkoop in afsonderlike finansiële state
IAS 28 – Investments in Associates • Required disclosures when investments in associates are accounted for at fair value through profit or loss • Impairment of investment in associate	01-Jan-09	IAS 28 – Beleggings in Geassosieerdes • Vereiste openbaarmaking wanneer beleggings in geassosieerde bereken word teen billike waarde deur wins of verlies • Waardedaling van belegging in geassosieerde
IAS 31 – Interests in Joint Ventures • Required disclosures when interests in jointly controlled entities are accounted for at fair value through profit or loss	01-Jan-09	IAS 31 – Belange in Gesamentlike Ondernemings • Vereiste openbaarmaking wanneer belange in gesamentlik beheerde entiteite bereken word teen billike waarde deur wins of verlies
IAS 29 – Financial Reporting in Hyperinflationary Economies • Description of measurement basis in financial statements	01-Jan-09	IAS 29 – Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë • Beskrywing van metingsbasis in finansiële state
IAS 36 – Impairment of Assets • Disclosure of estimates used to determine recoverable amount	01-Jan-09	IAS 36 – Waardedaling van Bates • Openbaarmaking van beramings gebruik om verhaalbare bedrag te bepaal
IAS 38 – Intangible Assets • Advertising and promotional activities • Unit of production method of amortisation	01-Jan-09	IAS 38 Ontasbare bates • Reklame- en promosie-aktiwiteite • Eenheid-van-produksiemetode van amortisasie

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

Part I	Effective date/ Effektiewe datum	Deel I
IAS 39 – Financial Instruments: Recognition and Measurement <ul style="list-style-type: none"> • Reclassification of derivatives into or out of the classification of at fair value through profit or loss • Designating and documenting hedges at the segment level • Applicable effective interest rate on cessation of fair value hedge accounting 	01-Jan-09	IAS 39 – Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting <ul style="list-style-type: none"> • Herklassifisering van afgeleide instrumente binne of buite die klassifikasie van teen billike waarde deur wins of verlies • Aanwysing en dokumentering van verskansing op die segmentvlak • Toepaslike effektiewe rentekoers by staking van billike waarde verskansingsrekeningkunde
IAS 40 – Investment Property <ul style="list-style-type: none"> • Property under construction or development for future use as investment property 	01-Jan-09	IAS 40 – Beleggingseiendom <ul style="list-style-type: none"> • Eiendom onder konstruksie of ontwikkeling vir toekomstige gebruik as beleggingseiendom
IAS 41 – Agriculture <ul style="list-style-type: none"> • Discount rate for fair value calculations • Additional biological transformation 	01-Jan-09	IAS 41 – Landbou <ul style="list-style-type: none"> • Verdiskonteringskoers vir billikewaarde-berekeninge • Bykomende biologiese transformasie

Part II	Effective date/ Effektiewe datum	Deel II
IFRS 7 – Financial Instruments: Disclosures <ul style="list-style-type: none"> • Presentation of finance costs 	01-Jan-09	IFRS 7 – Finansiële Instrumente: Openbaarmaking <ul style="list-style-type: none"> • Aanbieding van finansieringskoste
IAS 8 – Accounting Policies, Changes in Accounting Estimates and Errors <ul style="list-style-type: none"> • Status of implementation guidance 	01-Jan-09	IAS 8 – Rekeningkunde Beleid, Veranderinge in Rekeningkunde Ramings en Foute <ul style="list-style-type: none"> • Status van implementeringsvoorgligting
IAS 10 – Events after the Reporting Period <ul style="list-style-type: none"> • Dividends declared after the end of the reporting period 	01-Jan-09	IAS 10 – Gebeure na die Verslagdoeningstydperk <ul style="list-style-type: none"> • Dividende verklaar na die einde van die verslagdoenings-tydperk
IAS 18 – Revenue <ul style="list-style-type: none"> • Costs of originating a loan 	01-Jan-09	IAS 18 – Inkomste <ul style="list-style-type: none"> • Koste van generering van 'n lening
IAS 20 – Accounting for Government Grants and Disclosure of Government Assistance <ul style="list-style-type: none"> • Consistency of terminology with other IFRSs 	01-Jan-09	IAS 20 – Rekenskap van Regeringstoelaes en Openbaarmaking van Regeringshulp <ul style="list-style-type: none"> • Konsekwenheid van terminologie met ander IFRS'e
IAS 29 – Financial Reporting in Hyperinflationary Economies <ul style="list-style-type: none"> • Consistency of terminology with other IFRSs 	01-Jan-09	IAS 29 – Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë <ul style="list-style-type: none"> • Konsekwenheid van terminologie met ander IFRS'e
IAS 34 – Interim Financial Reporting <ul style="list-style-type: none"> • Earnings per share disclosures in interim financial reports 	01-Jan-09	IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening <ul style="list-style-type: none"> • Openbaarmaking van verdienste per aandeel in tussentydse finansiële verslagdoening
IAS 40 – Investment Property <ul style="list-style-type: none"> • Consistency of terminology with IAS 8 Investment Property held under lease 	01-Jan-09	IAS 40 – Beleggingseiendom <ul style="list-style-type: none"> • Konsekwenheid van terminologie met IAS 8 Beleggingseiendom gehou onder huurreg
IAS 41 – Agriculture <ul style="list-style-type: none"> • Examples of agricultural produce and products • Point-of-sale costs 	01-Jan-09	IAS 41 – Landbou <ul style="list-style-type: none"> • Voorbeelde van landbou-opbrengs en -produkte • Verkoopspunkoste

(d) Basis of consolidation

Subsidiaries

Subsidiaries are entities controlled by the Company. Control exists when the Company has the power, directly or indirectly, to govern the financial and operating policies of an entity so as to obtain benefits from its activities. In assessing control, potential voting rights that are presently exercisable or convertible are taken into account. The financial statements of subsidiaries are included in the consolidated financial statements from the date on which control commences until the date that control ceases. Investments in subsidiaries are accounted for at cost by the investing company.

(d) Basis van konsolidasie

Filiale

Filiale is entiteite wat deur die Maatskappy beheer word. Beheer bestaan waar die Maatskappy die mag het om die finansiële en bedryfsbeleid van 'n entiteit regstreeks of onregstreeks te bestuur om voordeel uit sy aktiwiteite te verkry. By die bepaling van beheer word potensiële stemreg wat tans uitoefenbaar of omskepbaar is, in ag geneem. Filiale se finansiële state word in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit vanaf die datum waarop beheer begin tot die datum waarop beheer eindig. Beleggings in filiale word teen kosprys gedra deur die maatskappy wat die beleggings maak.

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

Joint ventures

Joint ventures are those entities over whose activities the Company has joint control, established by contractual agreement. The consolidated financial statements include the Group's proportionate share of the entities' assets, liabilities, revenue and expenses with items of a similar nature on a line-by-line basis, from the date on which joint control commences until the date that joint control ceases.

Associated company

The Group's investment in its associate is accounted for using the equity method of accounting. An associate is an entity in which the Group has significant influence. Under the equity method, the investment in the associate is carried in the balance sheet at cost plus post acquisition changes in the Group's share of net assets of the associate. Goodwill relating to the associate is included in the carrying amount of the investment and is not amortised or separately tested for impairment. The income statement reflects the share of the results of operations of the associate. Where there has been a change recognised directly in the equity of the associate, the Group recognises its share of any changes and discloses this, when applicable, in the statement of changes in equity. Unrealised gains and losses resulting from transactions between the Group and the associate are eliminated to the extent of the interest in the associate.

The share of profit of associates is shown on the face of the income statement. This is the profit attributable to equity holders of the associate and therefore is profit after tax and minority interest in the subsidiaries of the associates.

The financial statements of the associate are not prepared for the same reporting period as the parent company. Where necessary, adjustments are made to bring the accounting policies in line with those of the Group.

After application of the equity method, the Group determines whether it is necessary to recognise an additional impairment loss on the Group's investment in its associate. The Group determines at each balance sheet date whether there is any objective evidence that the investment in the associate is impaired. If this is the case the Group calculates the amount of impairment as the difference between the recoverable amount of the associate and its carrying value and recognises the amount in the income statement.

Transactions eliminated on consolidation

Intra-group balances and unrealised gains and losses or income and expenses arising from intra-group transactions are eliminated in preparing the consolidated financial statements. Unrealised gains arising from transactions with jointly controlled entities are eliminated to the extent of the Group's interest in the entity. Unrealised losses are eliminated in the same way as unrealised gains, but only to the extent that there is no evidence of impairment.

Minority interest

Minority interests represent the portion of profit or loss and the net assets not held by the Group and are presented separately in the income statement and within equity in the consolidated balance sheet, separately from parent shareholders' equity. Acquisitions of minority interests are accounted for using the parent entity extension method, whereby the difference between the consideration and the book value of the share of the net assets acquired is recognised as goodwill.

Gesamentlike ondernemings

Gesamentlike ondernemings is daardie entiteite oor wie se aktiwiteite die Maatskappy gesamentlike beheer uitoefen soos per kontraktuele ooreenkoms bepaal. Die gekonsolideerde finansiële state sluit die Groep se proporsionele gedeelte van die entiteite se bates, laste, inkomste en uitgawes in, met soortgelyke items op 'n lyn-vir-lyn-basis, vanaf die datum waarop gesamentlike beheer begin tot die datum waarop gesamentlike beheer eindig.

Geassosieerde maatskappy

Die Groep se belegging in die geassosieerde is verantwoord deur gebruik te maak van die ekwiteitsmetode. 'n Geassosieerde maatskappy is 'n entiteit waarin die Groep beduidende invloed het. Onder die ekwiteitsmetode, word die belegging in die geassosieerde in die balansstaat getoon teen koste plus veranderings sedert verkryging in die Groep se deel van netto bates van die geassosieerde. Klandisiewaarde met betrekking tot die geassosieerde word in die drawaarde van die belegging ingesluit en word nie geamortiseer of apart getoets vir waardedaling nie. Die inkomstestaar vertoon die deel van die bedryfsaktiwiteite van die geassosieerde. Indien daar 'n verandering direk in die ekwiteit van die geassosieerde verrek is, verantwoord en openbaar die Groep die deel van enige verandering, indien van toepassing, in die staat van verandering in ekwiteit. Ongerealiseerde winste en verliese met betrekking tot transaksies tussen die Groep en die geassosieerde word tot die deel van belang in die geassosieerde geëlimineer.

Die deel van die wins van die geassosieerde word apart of op die gesig van die inkomstestaar vertoon. Dit is die deel van die wins wat toeskryfbaar is aan die aandeelhouers van die geassosieerde en is dus wins na belasting en minderheidsbelang met betrekking tot filiale van die geassosieerdes.

Die finansiële state van die geassosieerde word nie vir dieselfde verslaggewingsdatum opgestel as die houermaatskappy nie. Veranderinge word aangebring, indien nodig, om sodoende die rekeningkundige beleide in lyn te bring met dié van die Groep.

Nadat die ekwiteitsmetode toegepas is, bepaal die Groep of dit nodig is om enige addisionele waardedaling op die geassosieerde belegging te verantwoord. Die Groep bepaal op elke balansstaatar datum indien daar enige objektiewe bewyse is dat die belegging in die geassosieerde dalk 'n waardedaling het. Indien dit die geval is, bereken die Groep die bedrag met betrekking tot die waardedaling as die verskil tussen die verhaalbare bedrag van die geassosieerde en die drabedrag en verantwoord die bedrag ooreenkomstig in die inkomstestaar.

Transaksies by konsolidasie uitgeskakel

Intergroepsaldo's, enige ongerealiseerde winste en verliese of inkomste en uitgawes uit intergroeptransaksies word by die voorbereiding van die gekonsolideerde finansiële state uitgeskakel. Ongerealiseerde winste wat ontstaan uit transaksies met gesamentlik beheerde entiteite word uitgeskakel tot die mate van die Groep se belang in die entiteit. Ongerealiseerde verliese word op dieselfde wyse as ongerealiseerde winste uitgeskakel, maar slegs tot die mate dat daar geen bewys van waardedaling is nie.

Minderheidsbelang

Minderheidsbelang verteenwoordig die gedeelte van die wins of verlies en die netto bates wat nie deur die Groep gehou word nie en word afsonderlik in die inkomstestaar en as deel van ekwiteit in die gekonsolideerde balansstaat aangetoon, afsonderlik van die moederentiteit se aandeelhouersekwiteit. Verkryging van minderheidsbelang word deur gebruikmaking van die moederentiteit-verlengingsmetode te boek gestel, waarvolgens die verskil tussen die betaling en die boekwaarde van die deel van die netto bates verkry as klandisiewaarde erken word.

2.3 Significant accounting judgements and estimates

The preparation of the Group's financial statements requires Management to make judgements, estimates and assumptions that affect the reported amounts of revenues, expenses, assets and liabilities, and the disclosure of contingent liabilities at the reporting date. However, uncertainty about these assumptions and estimates could result in outcomes that could require a material adjustment to the carrying amount of the asset or liability affected in the future.

Judgements

In the process of applying the Group's accounting policies, Management has made judgements which may have significant effects on the amounts recognised in the financial statements. Such judgements are disclosed in the relevant notes to the financial statements.

Estimates and assumptions

The key assumptions concerning the future and other key sources of estimation uncertainty at the balance sheet date that have a significant risk of causing a material adjustment to the carrying amounts of assets and liabilities within the next financial year are discussed below:

Property, plant and equipment

The carrying values of property, plant and equipment are based on Management estimates of the useful lives and residual values. These estimates are based on product life cycles and assessments by engineering and other specialist staff.

Impairment of non-financial assets

The Group assesses whether there are any indicators of impairment for all non-financial assets at each reporting date. Goodwill and other indefinite life intangibles are tested for impairment annually and at other times when such indicators exist. Other non-financial assets are tested for impairment when there are indicators that the carrying amounts may not be recoverable.

When value-in-use calculations are undertaken, Management must estimate the expected future cash flows from the asset or cash-generating unit and choose a suitable discount rate in order to calculate the present value of those cash flows.

Share-based payments

The Group measures the cost of equity-settled transactions with employees by reference to the fair value of the equity instruments at the date at which they are granted. Estimating fair value requires determining the most appropriate valuation model for a grant of equity instruments, which is dependent on the terms and conditions of the grant. This also requires determining the most appropriate inputs to the valuation model and making assumptions about them.

Cash-settled transactions

The cost of cash-settled transactions is measured initially at fair value at the grant date using a modified version of the Hull-White Trinomial Lattice model, taking into account the terms and conditions upon which the instruments were granted. This fair value is expensed over the period until vesting with recognition of a corresponding liability. The liability is remeasured at each balance sheet date up to and including the settlement date with changes in fair value recognised in profit or loss.

2.3 Beduidende rekeningkundige beoordelings en ramings

Die voorbereiding van die Groep se finansiële state vereis van Bestuur om menings, skattings en aannames te maak wat die gerapporteerde bedrae van inkomste, uitgawes, bates en laste en die openbaarmaking van voorwaardelike aanspreeklikheid op die verslaggewingsdatum kan beïnvloed. Onsekerhede oor hierdie aannames en skattings kan egter 'n materiële aanpassing in die drawaardes van die geaffekteerde bate of las in die toekoms tot gevolg hê.

Beoordelings

Met die toepassing van die Groep se rekeningkundige beleid het Bestuur sekere beoordelings gemaak wat 'n beduidende uitwerking kan hê op die bedrae wat in die finansiële state erken word. Sulke beoordelings word in die toepaslike aantekeninge tot die finansiële state geopenbaar.

Ramings en aannames

Die belangrikste aannames wat die toekoms betref en ander belangrike bronne van ramingsonsekerheid op die balansstaatdatum wat 'n betekenisvolle risiko inhou dat dit in die volgende finansiële jaar wesenlike aanpassing van die drawaardes van bates en laste kan veroorsaak, word hieronder bespreek:

Eiendom, aanleg en toerusting

Die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting word gebaseer op Bestuur se ramings van die bruikbare lewe en reswaardes. Sulke ramings is afhanklik van produklewensiklusse en van evaluerings deur ingenieurs- en ander spesialispersoneel.

Waardedaling van nie-finansiële bates

Die Groep bepaal met elke verslaggewingsdatum of daar enige tekens van waardedaling ten opsigte van enige nie-finansiële bates is. Klandisiewaarde en ander onbepaalbare-lewensduur ontasbare bates word jaarliks en op ander tye wanneer daar aanwysers is, getoets vir waardedaling. Ander nie-finansiële bates word vir waardedaling getoets wanneer daar tekens is dat die drawaardes nie verhaalbaar mag wees nie.

Wanneer waarde-in-gebruik-berekeninge gedoen word, moet Bestuur die verwagte toekomstige kontantvloei van die bate of kontantgenererende eenheid bepaal en 'n gepaste koers van verdiskonting beraam om die huidige waarde van die kontantvloei te bereken.

Aandeelgebaseerde betalings

Die Groep meet die koste van ekwiteitvereffende transaksies met werknemers met verwysing na die billike waarde van die ekwiteitinstrumente op die datum wat hulle toegestaan is. Om billike waarde te skat, vereis dat die mees gepaste waardasiemodel vir die toestaan van ekwiteit bepaal word, wat afhang van die bepalinge en voorwaardes daarvan. Dit vereis ook dat die mees gepaste insette tot die waardasiemodel bepaal moet word en dat aannames daaroor gemaak word.

Kontantvereffende transaksies

Die koste van kontantvereffende transaksies word aanvanklik op die kennisgewingsdatum teen redelike waarde gemeet, deur gebruikmaking van 'n aangepaste weergawe van die Hull-White Trinomial Lattice model, inagnemend die term en voorwaardes waarop die instrumente toegeken is. Die redelike waarde word afgeskryf oor die periode tot en met vestiging met erkenning van die ooreenkomstige las. Die las word op elke balansstaatdatum hermeet tot en met die vereffendingsdatum, met veranderinge in redelike waarde teen wins of verlies erken.

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

Deferred taxation assets

Deferred taxation assets are recognised for all unused tax losses to the extent that it is probable that taxable profit will be available against which the losses can be utilised. Significant Management judgement is required to determine the amount of deferred taxation assets that can be recognised, based on the likely timing and level of future taxable profits together with future taxation planning strategies.

The remainder of the amount after deduction of the debt component is recognised and included in shareholders' equity. The carrying amount of the equity component is not remeasured in subsequent years.

(i) Treasury shares

Shares in the Company held by the Group are classified as treasury shares. On consolidation, these shares are treated as a deduction from the issued number of shares and the cost price of the shares is deducted from share capital and share premium in the balance sheet. No gain or loss is recognised in the income statement on the purchase, sale, issue or cancellation of the Group's own equity instruments. Dividends received on treasury shares are eliminated on consolidation.

(g) Waardedaling van nie-finansiële bates

Die Groep bepaal op elke verslagdoeningsdatum of 'n aanduiding bestaan dat 'n bate se waarde gedaal het. As enige sodanige aanduiding voorkom, of wanneer jaarlikse toetse vir waardedaling van 'n bate verlang word, maak die Groep 'n raming van die bate se verhaalbare waarde. Die verhaalbare waarde van 'n bate is die hoogste van die bate of kontantgenererende eenheid se billike waarde min verkoopskoste en sy gebruikswaarde, en dit word vir 'n individuele bate bepaal tensy die bate nie 'n invloei van kontant genereer wat grootliks onafhanklik is van dié van ander bates of groep bates nie. Wanneer die drawaarde van 'n bate sy verhaalbare waarde oorskry, word die waarde van die bate verlaag tot die verhaalbare waarde. Wanneer die gebruikswaarde bepaal word, word die geraamde toekomstige kontantvloei tot huidige waarde verdiskonteer teen 'n voorbelasting-diskontokoers wat huidige markbepalings van die tydwaarde van geld en die risiko's kenmerkend van die bate weerspieël. Waardedalingsverliese van voortgesette bedrywighede word in die inkomstestaat erken in die uitgawekategorieë wat met die funksie van die verswakte bate ooreenstem.

'n Evaluering word op elke verslagdoeningsdatum gemaak om te bepaal of enige voorheen erkende waardedalings moontlik nie meer bestaan nie of intussen verminder het. Indien sodanige aanduiding voorkom, word die verhaalbare bedrag geraam. 'n Voorheen erkende waardedaling word teruggeskryf slegs as daar 'n verandering was in die ramings wat gebruik is om die bate se verhaalbare bedrag te bepaal sedert die erkenning van die vorige waardedaling. Indien wel, word die drabedrag van die bate vermeerder tot die verhaalbare bedrag. Die verhoogde bedrag kan nie die drabedrag oorskry wat bepaal sou gewees het, na aftrekking van depresiasië, indien geen waardedaling van die bate in vorige jare erken is nie. Sodanige terugskrywings word in die inkomstestaat erken. Na so 'n terugskrywing word die depresiasiëskoste in toekomstige periodes aangepas om die bate se hersiene drabedrag, min enige reswaarde, sistematies oor die oorblywende nuttige lewensduur van die bate toe te pas.

(h) Kumulatiewe voorkeuraandele

Die komponent van die kumulatiewe voorkeuraandele wat kenmerke van 'n las toon, word as 'n las in die balansstaat erken. Die ooreenstemmende dividende op hierdie aandele word as 'n rente-uitgawe in die inkomstestaat verreken. By uitreiking van die kumulatiewe voorkeuraandele word die billike waarde van die laskomponent met behulp van koste van kapitaal bepaal, en hierdie bedrag word as 'n langtermynlas op die geamortiseerde kostebasis gedra totdat dit by omskepping of aflossing uitgewis word.

Die oorblywende opbrengs word toegewys aan die omskeppingsopsie, wat in aandeelhouersekuiteit erken en daarby ingesluit word. Die drabedrag van die omskeppingsopsie word nie weer in daaropvolgende jare hermeet nie.

(i) Tesourie-aandele

Aandele in die Maatskappy wat deur die Groep gehou word, word as tesourie-aandele geklassifiseer. By konsolidasie word hierdie aandele as 'n aftrekking van die aantal uitgereikte aandele beskou en die kosprys van die aandele word afgetrek van die aandeelkapitaal en aandeelpremie in die balansstaat. Geen wins of verlies word erken in die inkomstestaat by die aankoop, verkoop, uitreiking of kansellering van die Groep se eie ekwiteitsinstrumente nie. Dividende ontvang op tesourie-aandele word by konsolidasie uitgeskakel.

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

(j) Provisions

Provisions are recognised when the Group has a present obligation (legal or constructive) as a result of a past event and it is probable that an outflow of resources embodying economic benefits will be required to settle the obligation and a reliable estimate can be made of the amount of the obligation.

(k) Retirement benefits

It is the policy of the Group to provide for pension liabilities by payments to separate funds, independent of the Group, and contributions are recognised in the income statement. Surpluses are not accounted for, as they accrue to members of the fund.

Defined benefit fund

The Group's net obligation in respect of defined benefit pension plans is calculated separately for each plan by estimating the amount of future benefit that employees have earned in return for their service in the current and previous periods, that benefit is discounted to determine its present value and the fair value of any plan assets is deducted. Actuarial valuations are done on the projected unit credit actuarial valuation method. When the benefits of a plan are improved, the portion of the increased benefit relating to past service by employees is recognised as an expense in the income statement on a straight-line basis over the average period until the benefits become vested. To the extent that the benefits vest immediately, the expense is recognised immediately in the income statement.

Defined-contribution funds

Obligations for contributions to defined-contribution pension and provident plans are recognised as an expense in the income statement as incurred.

Medical aid

The obligation in respect of post-retirement health care is the sole responsibility of the retired employee. Therefore there is no Group obligation or liability in this regard.

(l) Revenue recognition

Revenue is recognised to the extent that it is probable that the economic benefits will flow to the Group and the revenue can be reliably measured. Revenue is measured at the fair value of the consideration received, excluding confidential discounts and including finance income; dividends received; fees and commission received; distribution, sales and marketing services rendered; contract manufacturing; and rental income. The following specific recognition criteria must also be met before revenue is recognised:

Turnover

Invoiced product sales are recognised as turnover, excluding value-added taxation.

Sale of goods

Revenue is recognised when the significant risks and rewards of ownership of the goods have passed to the buyer. Revenue comprises invoiced gross sales of products, less discounts and provisions for product claims.

(j) Voorsienings

'n Voorsiening word erken wanneer die Groep 'n huidige verpligting het (regs- of konstruktief) as gevolg van 'n gebeurtenis in die verlede, wat waarskynlik 'n uitvloe van ekonomiese hulpbronne sal veroorsaak om die verpligting te vereffen, en indien 'n betroubare raming gemaak kan word van die bedrag wat nodig is om die verpligting af te los.

(k) Aftreevoordele

Dit is die Groep se beleid om vir pensioenverpligtinge te voorsien deur betalings te maak aan afsonderlike fondse wat onafhanklik van die Groep staan en bydraes word in die inkomstestaats verreken. Surplusse word nie te boek gestel nie, aangesien dit aan die lede van die fonds toeval.

Vastevoordelefonds

Die Groep se verpligting ten opsigte van vastevoordele-pensioenskemas word afsonderlik vir elke plan bereken deur ramings te maak van die waarde van die toekomstige voordeel wat werknemers in die huidige en vorige tydperke vir hulle dienste verdien het. Hierdie voordeel word verdiskonteer om die huidige waarde te bepaal en die billike waarde van enige bates in die plan word afgetrek. Die aktuariële geprojekteerde eenheidskredietmetode word vir aktuariële waardasies gebruik. Wanneer die voordele van 'n plan verbeter word, word die deel van die groter voordeel wat verband hou met diens deur werknemers in die verlede as 'n uitgawe in die inkomstestaats erken op 'n reguitlyn-basis oor die gemiddelde tydperk verreken totdat die voordele gevestig raak. Tot die mate dat die voordele onmiddellik vestig, word die uitgawe onmiddellik in die inkomstestaats erken.

Vastebydraefondse

Verpligtinge vir bydraes aan vastebydraepensioen- en voorsorgskemas word as 'n uitgawe erken in die inkomstestaats soos dit aangegaan word.

Mediese fondse

Die verpligting vir gesondheidsorg na aftrede is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die afgetrede werknemer. Die Groep het gevolglik geen verpligting of aanspreeklikheid in hierdie verband nie.

(l) Erkenning van inkomste

Inkomste word erken tot die mate dat dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele na die Groep sal vloei en dat die inkomste betroubaar gemeet kan word. Inkomste word teen billike waarde gemeet, uitgesluit vertroulike afslag en ingesluit finansieringskoste; dividende ontvang; gelde en kommissie ontvang; distribusie, verkope en bemarkingsdienste gelewer; kontrakvervaardiging en huurinkomste. Daar moet ook aan die volgende spesifieke erkenningskriteria voldoen word voordat inkomste erken word:

Omset

Gefaktureerde produkverkope word erken as omset, uitgesluit belasting of toegevoegde waarde.

Verkoop van goedere

Inkomste word erken wanneer die beduidende regte en verpligtinge van eienaarskap van die goedere na die koper oorgaan. Inkomste sluit gefaktureerde bruto verkope van produkte min afslag en voorsienings vir produkteise in.

Services rendered

Revenue from the rendering of services is recognised on the completion of the service.

Finance income

Revenue is recognised as interest accrues (using the effective interest rate – that is the rate that exactly discounts estimated future cash receipts through the expected life of the financial instrument to the net carrying amount of the financial asset). The Group deposits surplus funds at financial institutions and does not act as a supplier of finance to third parties. Interest received is recognised as finance income.

Dividends received

Dividends are recognised when the right to receive payment is established.

Rental income

Rental income from investment property is recognised in the income statement on a straight-line basis over the term of the lease. Lease incentives granted are recognised as an integral part of the rental income. The rental of properties does not form part of the core business of the Group. Income in this regard is recognised as other operating income.

(m) Cost of sales

Cost of sales consists of the following:

- cost of raw milk, ingredients and packaging;
- milk collection cost;
- manufacturing direct and indirect costs;
- primary distribution costs and
- charges against sales.

(n) Finance costs

Finance costs are recognised as an expense when incurred.

(o) Taxes

Current taxation

Current taxation assets and liabilities for the current and previous periods are measured at the amount expected to be recovered from or paid to the taxation authorities. The taxation rates and taxation laws used to compute the amount are those that are enacted or substantively enacted by the balance sheet date.

Deferred taxation

The carrying amount of deferred income tax assets is reviewed at each balance sheet date and reduced to the extent that it is no longer probable that sufficient taxable profit will be available to allow all or part of the deferred income tax asset to be utilised. Unrecognised deferred income tax assets are reassessed at each balance sheet date and are recognised to the extent that it has become probable that future taxable profit will allow the deferred tax asset to be recovered.

Dienste gelewer

Inkomste vir dienste gelewer word erken met voltooiing van die diens.

Finansieringsinkomste

Inkomste word erken soos rente toeval (die effektiewe rentekoers word gebruik – dit is die koers wat die toekomstige beraamde kontantontvangstes presies verdiskonteer deur die verwagte lewe van die finansiële instrument, na die netto drawaarde van die finansiële bate). Die Groep deponeer surplusfondse by finansiële instellings en tree nie as 'n verskaffer van finansiering aan derde partye op nie. Rente-inkomste word as finansieringsinkomste erken.

Dividende ontvang

Dividende word erken wanneer die reg om betaling te ontvang, gevestig is.

Huurinkomste

Huurinkomste uit beleggingseiendom word in die inkomstestaat erken op 'n reguitlyn-basis oor die termyn van die huurkontrak. Huuraansporings wat toegestaan word, word as 'n geïntegreerde deel van die huurinkomste erken. Die huurinkomste op eiendomme maak nie deel uit van die Groep se kernbesigheid nie. Inkomste in hierdie verband word as ander bedryfsinkomste erken.

(m) Koste van verkope

Bestaan uit die volgende:

- koste van rou melk, bestanddele en verpakking;
- melkwinningkoste;
- direkte en indirekte produksiekoste;
- primêre verspreidingskoste en
- verhalings teen verkope.

(n) Finansieringskoste

Finansieringskoste word as 'n uitgawe erken wanneer dit aangegaan word.

(o) Belasting

Lopende belasting

Lopende belastingbates en -laste vir die huidige en vorige tydperke word gemeet aan die bedrag wat na verwagting van die belastingowerheid verhaal of aan die owerheid betaal sal word. Die belastingkoerse en -wette wat vir die berekening van die bedrag gebruik word, is dié wat bepaal of wesentlik bepaal word op die balansstaatdatum.

Uitgestelde belasting

Die drawaarde van uitgestelde belastingbates word verreken op elke balansstaatdatum en verminder tot die mate dat dit nie meer waarskynlik is dat voldoende belasbare inkomste beskikbaar sal wees om al die, of 'n gedeelte van, die uitgestelde belastingbate te benut nie. Ontkende uitgestelde belastingbates word heroorweeg op elke balansstaatdatum en word erken tot die mate dat dit waarskynlik raak dat toekomstige belasbare inkomste voldoende sal wees om die uitgestelde belastingbate te benut.

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

Deferred income tax assets and deferred income tax liabilities are offset if a legally enforceable right exists to set off current tax assets against current income tax liabilities and the deferred income taxes relate to the same taxable entity and the same taxation authority. Deferred tax is based on current rates of taxation. IFRS requires the tax rates that are expected to apply in the year when the asset is realised or the liability is settled, based on taxation rates and taxation laws that have been enacted or substantively enacted at the balance sheet date, to be applied.

Value-added taxation

Revenues, expenses, assets and liabilities are recognised net of the amount of value-added taxation, except:

- Where the VAT incurred on a purchase of assets or services is not recoverable from the taxation authority, in which case the VAT is recognised as part of the cost of acquisition of the asset or as part of the expense item as applicable and
- Receivables and payables that are stated with the amount of VAT included.

The net amount of VAT recoverable from or payable to the taxation authority is included as part of receivables or payables in the balance sheet.

Secondary taxation on companies

Secondary taxation on companies is recognised if one of the following events occurs:

- Dividends are declared whether regular or preferences or
- Events have occurred which result in a deemed dividend.

STC is calculated at the prescribed legislated rate and the expense is reflected as part of the taxation expense in the income statement.

(p) Segment reporting

A segment is a distinguishable component of the Group that is engaged in providing products which is subject to risks and rewards that are different from those of other segments.

(q) Share-based compensation

The Group operates an equity-settled, as well as a cash-settled share-based compensation plan.

Equity-settled share-based compensation plan

The fair value of the employee services received in exchange for the shares granted is recognised as an expense. The total amount to be expensed over the vesting period is determined by reference to the fair value on the grant date of the shares granted, excluding the impact of any non-market vesting conditions.

Non-market vesting conditions are included in assumptions about the number of shares that are expected to become exercisable. This recognises the impact of the revision of original estimates, if any, in the income statement and a corresponding adjustment to equity over the remaining vesting period. At each balance sheet date the entity revises its estimates of the number of shares that are expected to become exercisable.

Uitgestelde belastingbates en uitgestelde belastinglaste word verreken indien 'n regseldige afdwingbare reg bestaan om lopende belastingbates teen lopende belastingverpligtinge te verreken en die uitgestelde belasting hou verband met dieselfde belastingentiteit en dieselfde belastingowerheid. Uitgestelde belasting is gegrond op heersende belastingkoerse. IFRS bepaal dat die belastingkoerse wat na verwagting sal geld in die jaar waarin die bate gerealiseer of die las afgelos word, gegrond op die belastingkoerse en belastingwette wat op die balansstaatdatum geld of sulke koerse en/of toekomstige wetswysigings wat reeds bekend is en na alle waarskynlikheid geïmplementeer sal word, toegepas word.

Belasting op toegevoegde waarde

Inkomste, uitgawes, bates en laste word erken netto die belasting op toegevoegde waardebedrag, behalwe:

- Waar die BTW op die aankoop van bates of dienste aangegaan nie van die belastingowerheid verhaalbaar is nie, word die BTW erken as deel van die aankoopkos van die bate of as deel van die uitgawe item, soos toepaslik en
- Rekeninge ontvangbaar en betaalbaar wat aangedui word met die BTW-bedrag ingesluit.

Die netto bedrag BTW verhaalbaar van of betaalbaar aan die belastingowerheid is ingesluit as deel van rekeninge ontvangbaar of betaalbaar in die balansstaat.

Sekondêre belasting op maatskappye

Sekondêre belasting op maatskappye word erken wanneer een van die onderstaande gebeurtenisse ontstaan:

- Gewone of voorkeurdividende verklaar is of
- Gebeurtenisse plaasvind wat 'n geagte dividend tot gevolg het.

SBM word bereken teen die koers wat vasgestel is deur die belastingowerheid en die uitgawe word as deel van die belastinguitgawe in die inkomstestaat erken.

(p) Segmentverslagdoening

'n Segment is 'n onderskeibare komponent van die Groep wat betrokke is by die verskaffing van produkte of dienste wat aan regte en verpligtinge blootgestel is wat verskil van dié van ander segmente.

(q) Aandelegebaseerde vergoeding

Die Groep bedryf 'n ekwiteitsvereffende, sowel as 'n kontantvereffende aandelegebaseerde vergoedingsplan.

Ekwiteitsvereffende aandelegebaseerde vergoedingsplan

Die billike waarde van die werknemerdienste wat in ruil vir die toegekende aandele ontvang word, word as 'n uitgawe erken. Die totale bedrag wat oor die vestigingstydperk as uitgawe te boek gestel sal word, word bepaal deur verwysing na die billike waarde op die toekenningsdatum van die aandele wat toegeken is, met uitsondering van die uitwerking van enige nie-markverwante vestigingsvoorwaardes.

Nie-markverwante vestigingsvoorwaardes is ingesluit in die aannames oor die aantal aandele wat na verwagting uitgeoefen sal word. Dit erken die uitwerking van die hersiening van oorspronklike ramings, indien enige, in die inkomstestaat en 'n ooreenstemmende aanpassing van ekwiteit oor die oorblywende vestigingstydperk. Op elke balansstaatdatum hersien die entiteit sy ramings van die aantal aandele wat na verwagting opgeneem sal word.

Cash-settled share-based compensation plan

The cost of cash-settled transaction is measured initially at fair value at the grant date using a modified version of the Hull-White Trinomial Lattice model taking into account the terms and conditions upon which the instruments were granted. This fair value is expensed over the period until vesting with recognition of a corresponding liability. The liability is remeasured at each balance sheet date up to and including the settlement date with changes in fair value recognised in profit or loss.

(r) Earnings per share

The issued preference shares participate in ordinary dividends. The earnings per share and diluted earnings per share for both the ordinary and preference shares are therefore disclosed in the income statement. For earnings per share purposes the earnings for the year are split between the ordinary and preference shares based on the ordinary dividend rights attached to each class of share, even though the preference shares only participate in earnings to the extent that dividends are declared. The earnings per share for preference shares exclude the cumulative preferential dividends that accrue to preference shareholders annually.

(s) Borrowing costs

Borrowing costs are expensed as incurred.

(t) Comparative figures

Where account balances were reclassified for the purpose of better disclosure, the comparative figures have been restated accordingly.

Danone Clover has been reclassified from a joint venture to an associated company on 1 June 2009. The equity method of accounting has been applied prospectively due to the reclassification in the current year and hence no previous year numbers have been amended in this regard.

The investment relating to Manhattan during the prior year has been reclassified to trademarks during the current year. Prospective accounting has been applied and hence no previous year numbers have been amended in this regard.

A new Note detailing some of the expenses accounted for in restructuring costs has been included in these financials in order to provide an enhancement of disclosure.

Finance cost has been restated in order to account for all dividends on preference shares.

In prior years the movement in minority interest was partly disclosed on the face of the cash flow statement and partly in the Note to the cash flow statement. For fairer presentation it is now disclosed only on the face of the cash flow statement. The comparative figures were restated accordingly.

3 Definitions

3.1 Dividend per ordinary share

Dividend paid to ordinary shareholders, divided by the weighted average number of ordinary shares in issue at the end of the year.

3.2 Equity dividend per preference share

Ordinary dividend paid to preference shareholders, divided by the weighted average number of preference shares in issue at the end of the year.

Kontantvereffende aandelegebaseerde vergoedingsplan

Die koste van kontantvereffende transaksies word aanvanklik op die kennisgewingdatum teen redelike waarde gemeet, deur gebruikmaking van 'n aangepaste weergawe van die Hull-White Trinomial Lattice model, inagnemend die terme en voorwaardes waarop die instrumente toegeken is. Die redelike waarde word afgeskryf oor die periode tot en met vestiging met erkenning van die ooreenkomstige las. Die las word op elke balansstaatdatum hermeet tot en met die vereffeningsdatum, met veranderinge in redelike waarde teen wins of verlies erken.

(r) Verdienste per aandeel

Die uitgereikte voorkeuraandeel deel in gewone dividende. Die verdienste per aandeel en verwaterde verdienste per aandeel vir beide die gewone en voorkeuraandeel word dus in die inkomtestaat geopenbaar. Vir die doel van die verdienste per aandeel word die verdienste vir die jaar tussen gewone en voorkeuraandeel verdeel, gegrond op die dividend verbonde aan elke klas aandeel, selfs al deel die voorkeuraandeel in die verdienste slegs tot die mate waarin gewone dividende verklaar word. Die verdienste per aandeel vir voorkeuraandeel sluit die kumulatiewe voorkeurd dividende uit wat aan voorkeuraandeelhouders jaarliks toeval.

(s) Leenkoste

Leenkoste word as 'n uitgawe te boek gestel soos aangegaan.

(t) Vergelykende syfers

Waar rekeningbalanse herklasifiseer is om beter openbaarmaking daar te stel, word die vergelykende syfers dienooreenkomstig hersaamgestel.

Danone Clover is gedurende die huidige finansiële jaar hergeklasifiseer vanaf 'n gesamentlik beheerde entiteit na 'n geassosieerde maatskappy op 1 Junie 2009. Die ekwiteitsmetode is vorentoe toegepas met betrekking tot die herklassifikasie en vorige jaar se syfers is dus nie hersaamgestel nie.

Die belegging met betrekking tot Manhattan gedurende die vorige jaar, is in die huidige jaar hergeklasifiseer na handelsmerke. Die rekeningkundige hantering is vorentoe toegepas en vorige jaar se syfers is dus nie hersaamgestel nie.

'n Nuwe Aantekening wat meer inligting verskaf oor sekere uitgawes wat deel van die herstruktureringkoste vorm, is in die finansiële state ingesluit, met die doel om die openbaarmaking te verbeter.

Finansieringskoste is hersaamgestel om voorsiening te maak vir aanbieding vir alle dividende op voorkeuraandeel.

In die vorige jare is die beweging op minderheidsbelang gedeeltelik geopenbaar op die gesig van die kontantvloeistaat en gedeeltelik in die Aantekening tot die kontantvloeistaat. Vir verbeterde openbaarmakingsdoeleindes word dit nou slegs op die gesig van die kontantvloeistaat geopenbaar. Die vergelykende syfers is dienooreenkomstig hersaamgestel.

3 Definisies

3.1 Dividend per gewone aandeel

Dividend betaal aan gewone aandeelhouders, gedeel deur die geweege gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik aan die einde van die jaar.

3.2 Ekwiteitsdividend per voorkeuraandeel

Gewone dividend betaal aan voorkeuraandeelhouders, gedeel deur die geweege gemiddelde aantal voorkeuraandeel uitgereik aan die einde van die jaar.

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

Preference dividend recognised as interest per preference share

Preference dividend paid, divided by the weighted average number of preference shares in issue at the end of the year.

3.3 Earnings and diluted earnings per share

Earnings per ordinary share

Profit attributable to ordinary shareholders, based on ordinary dividend rights divided by the weighted average number of ordinary shares net of the weighted average number of treasury shares in issue at the end of the year.

Diluted earnings per ordinary share

Profit attributable to ordinary shareholders, based on ordinary dividend rights, divided by the weighted average number of ordinary shares, adjusted for options issued, net of the weighted average number of treasury shares at the end of the year, adjusted for options issued.

Earnings per preference share

Profit attributable to preference shareholders, based on ordinary dividend rights, divided by the weighted average number of preference shares net of the weighted average number of treasury shares in issue at the end of the year.

Diluted earnings per preference share

Profit attributable to preference shareholders, based on ordinary dividend rights, divided by the weighted average number of preference shares, adjusted for options issued, net of the weighted average number of treasury shares at the end of the year.

3.4 Net assets

Total assets less total liabilities.

3.5 Cash flow

Cash flow from operating activities.

3.6 Cash flow per share

Cash flow divided by the weighted average number of ordinary shares in issue at the end of the year.

3.7 Net asset turn

Turnover divided by average net assets less average cash on hand.

3.8 Return on net assets

Operating profit as a percentage of average assets less average current liabilities excluding current interest-bearing loans and borrowings.

3.9 Return on shareholders' funds

Profit attributable to shareholders as a percentage of average shareholders' funds, before minority interest.

3.10 Gearing percentage

Interest-bearing loans and borrowings reduced by cash funds, as a percentage of total shareholders' interest, including minority interest.

3.11 Current ratio

Current assets divided by current liabilities.

Voorkeurdividend as rente erken per voorkeuraandeel

Voorkeurdividend betaal gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal voorkeuraandeel uitgereik aan die einde van die jaar.

3.3 Verdienste en verwaterde verdienste per aandeel

Verdienste per gewone aandeel

Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders, gebaseer op gewone dividendregte, gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal gewone aandeel netto van die geweegde gemiddelde tesourie-aandeel uitgereik aan die einde van die jaar.

Verwaterde verdienste per gewone aandeel

Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders, gebaseer op gewone dividendregte, gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal gewone aandeel, aangepas vir opsies uitgereik, netto van die geweegde gemiddelde tesourie-aandeel aan die einde van die jaar, aangepas vir uitgereikte opsies.

Verdienste per voorkeuraandeel

Wins toeskryfbaar aan gewone voorkeuraandeelhouders, gebaseer op gewone dividendregte, gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal voorkeuraandeel netto van die geweegde gemiddelde tesourie-aandeel uitgereik aan die einde van die jaar.

Verwaterde verdienste per voorkeuraandeel

Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders, gebaseer op gewone dividendregte, gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal gewone aandeel, aangepas vir opsies uitgereik, netto van die geweegde gemiddelde tesourie-aandeel aan die einde van die jaar.

3.4 Netto bates

Totale bates min totale laste.

3.5 Kontantvloei

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite.

3.6 Kontantvloei per aandeel

Kontantvloei gedeel deur die geweegde gemiddelde aantal gewone aandeel uitgereik aan die einde van die jaar.

3.7 Netto bate-omset

Omset gedeel deur gemiddelde netto bates min gemiddelde kontant voorhande.

3.8 Opbrengs op netto bates

Bedryfswins as 'n persentasie van gemiddelde bates, minus gemiddelde bedryfslaste uitgesluit lopende retedraende lenings en verpligtinge.

3.9 Opbrengs op aandeelhoudersfondse

Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders as 'n persentasie van gemiddelde aandeelhouerfondse, voor minderheidsbelang.

3.10 Hefboompersentasie

Rentedraende lenings en verpligtinge, verminder met kontantfondse, as 'n persentasie van totale aandeelhoudersbelang, ingesluit minderheidsbelang.

3.11 Bedryfsverhouding

Bedryfsbates gedeel deur bedryfslaste.

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

3.12 Activities pertaining to cash flow

Operating activities

All transactions and other events that are not investing or financing activities.

Financing activities

Activities that result in changes in the size and composition of the capital structures of the Group. This includes both the equity and debt not falling within the definition of cash and cash equivalents.

Investing activities

Activities relating to the acquisition, holding and disposal of long-term assets.

3.13 Cash and cash equivalents

Cash on hand and in current bank accounts.

3.14 Restructuring cost

Restructuring cost consists of costs incurred in order to streamline processes of the Group.

3.15 Abbreviations

The following abbreviations are used in the financial statements

Company names

Clover Industries Limited:	CIL
Clover Holdings Limited:	Clover Holdings
Clover S.A. (Pty) Limited:	Clover S.A.
Clover Beverages Limited:	Clover Beverages
Danone Clover (Pty) Limited:	Danone Clover/Joint venture
Compagnie Gervais Danone:	Danone Group/Danone
Clover Industries Limited and subsidiaries:	The Group/Clover
Clover Fonterra Ingredients (Pty) Limited:	CFI/Clover Fonterra
Clover Botswana (Pty) Limited (incorporated in Botswana):	Clover Botswana
Hosken Consolidated Investments Limited:	HCI
Fonterra Limited:	Fonterra
Clover Swaziland (Pty) Limited (incorporated in Swaziland):	Clover Swaziland
Clover Capital (Pty) Limited:	Clover Capital
Clover Manhattan (Pty) Limited:	Clover Manhattan
The Model Dairy (Pty) Limited:	The Model Dairy
Salpen Services (Pty) Limited:	Salpen
Clover Zambia Limited (incorporated in Zambia):	Clover Zambia
Saclo Properties (Pty) Limited:	Saclo
Mayo Dairy (Pty) Limited:	Mayo Dairy

3.12 Aktiwiteite ten opsigte van kontantvloei

Bedryfsaktiwiteite

Alle transaksies en gebeure wat nie beleggings- of finansierings-aktiwiteite is nie.

Finansieringsaktiwiteite

Aktiwiteite wat veranderinge in die grootte en samestelling van die kapitaalstrukture van die Groep tot gevolg het. Dit sluit ekwiteit en skuld in wat nie onder die definisie van kontant en kontantekwivalente val nie.

Beleggingsaktiwiteite

Aktiwiteite met betrekking tot die verkryging, hou en vervreemding van langtermynbates.

3.13 Kontant en kontantekwivalente

Kontant voorhande en in lopende bankrekening.

3.14 Herstruktureringskoste

Herstruktureringskoste behels kostes aangegaan om sodoende prosesse in die Groep in lyn te bring met mekaar.

3.15 Afkortings

Die volgende afkortings word in die finansiële state gebruik

Maatskappyname

Clover Industries Beperk:	CIL
Clover Beherend Beperk:	Clover Beherend
Clover S.A. (Edms) Beperk:	Clover S.A.
Clover Beverages Beperk:	Clover Beverages
Danone Clover (Edms) Beperk:	Danone Clover/ Gesamentlike onderneming
Compagnie Gervais Danone:	Danone Groep/Danone
Clover Industries Beperk en filiale:	Die Groep/Clover
Clover Fonterra Ingredients (Edms) Beperk:	CFI/Clover Fonterra
Clover Botswana (Edms) Beperk (geïnkorporeer in Botswana):	Clover Botswana
Hosken Consolidated Investments Beperk:	HCI
Fonterra Beperk:	Fonterra
Clover Swaziland (Edms) Beperk (geïnkorporeer in Swaziland):	Clover Swaziland
Clover Capital (Edms) Beperk:	Clover Capital
Clover Manhattan (Edms) Beperk:	Clover Manhattan
The Model Dairy (Edms) Beperk:	The Model Dairy
Salpen Services (Edms) Beperk:	Salpen
Clover Zambia Beperk (geïnkorporeer in Zambië):	Clover Zambia
Saclo Properties (Edms) Beperk:	Saclo
Mayo Dairy (Edms) Beperk:	Mayo Dairy

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009

vir die jaar geëindig 30 Junie 2009

Other

International Accounting Standards:	IAS
International Financial Reporting Standards:	IFRS
Financial Oversight and Risk Committee:	FORC
Remuneration Committee:	Remco
Nomination Committee:	Nomco
Depreciated Replacement Cost:	DRC
Net Current Replacement Cost:	NCRC
Generally Accepted Accounting Practice:	GAAP
Broad-based Black Economic Empowerment:	BBBEE
Property, plant and equipment:	PP&E
Rand Merchant Bank:	RMB
Capital Gains Tax:	CGT
Share appreciation rights:	SAR
Branded Consumer Goods:	BCG
Chief Operating Decision Maker:	CODM

Ander

"International Accounting Standards":	IAS
"International Financial Reporting Standards":	IFRS
Finansiële Oorsig- en Risikokomitee:	FORC
Vergoedingskomitee:	Remco
Nominasiekomitee:	Nomco
Gedepresieerde Vervangingskoste:	DVK
Netto Huidige Vervangingskoste:	NHVK
Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk:	AARP
Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging:	BBSEB
Eiendom, aanleg en toerusting:	EA&T
Rand Merchant Bank:	RMB
Kapitaalwinsbelasting:	KWB
Aandeelgroei regte:	AGR
Handelsmerk-verbruikersprodukte:	HVP
Hoof Bedryfsbeleidsbepaler:	CODM



NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009	Group/Groep		Company/Maatskappy		vir die jaar geëindig 30 Junie 2009
	2009 R'000	2008 R'000	2009 R'000	2008 R'000	
<p>4 Acquisition of interest in Mayo Dairy</p> <p>Danone Clover, in which Clover S.A. has a 45% interest, acquired a 70% interest in Mayo Dairy for R142,4 million on 1 May 2008. The Group's share of goodwill derived from the purchase of Mayo Dairy was R45,8 million. Goodwill was determined as follows:</p> <p>Cash consideration - 142 425</p> <p>Less: fair value of assets acquired - (40 615)</p> <p>Goodwill recognised - 101 810</p> <p>CIL Group's share in the goodwill recognised - 45 815</p> <p>The carrying value of the net assets acquired in the previous year equalled the fair value of the net assets on the date of acquisition. The contribution that Mayo Dairy made to net profit for the year was negligible, as the acquisition was made two months before year-end.</p> <p>Several factors contributed to the recognition of goodwill on the acquisition of the Group's interest in Mayo Dairy namely:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Mayo Dairy has a unique business model that the Group will explore in its existing businesses; - The business and brand are well established with loyal customers and products complementing the existing Group products; - Possibilities exist for the Mayo Dairy products being distributed through the extensive Group sales and distribution network for much wider distribution; - Existing synergies between the Group and Mayo Dairy can lead to increased effectiveness; - The intellectual capital and critical management of the business have been adequately secured. 					<p>4 Verkryging van belang in Mayo Dairy</p> <p>Danone Clover, waarin Clover S.A. 'n 45% belang het, het 'n 70% belang in Mayo Dairy op 1 Mei 2008, vir R142,4 miljoen verkry. Die Groep se aandeel in klandisiewaarde voortspruitend uit die aankoop van Mayo Dairy was R45,8 miljoen. Klandisiewaarde is soos volg saamgestel:</p> <p>Kontantbetaling</p> <p>Min: redelike waarde van bates bekom</p> <p>Klandisiewaarde erken</p> <p>CIL Groep se aandeel in die klandisiewaarde erken</p> <p>Die drawaarde van die netto bates verkry in die vorige jaar, stem ooreen met die redelike waarde van die netto bates op datum van verkryging. Aangesien die verkryging twee maande voor jaareinde plaasgevind het, was die bydrae wat Mayo Dairy tot die winste vir die jaar gemaak het gering.</p> <p>Verskeie faktore het bygedra tot die erkenning van klandisiewaarde met die verkryging van die Groep se belang in Mayo Dairy, naamlik:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Mayo Dairy het 'n unieke besigheidsmodel wat die Groep in sy bestaande besighede kan verken; - Die besigheid en handelsmerke is goed gevestig met lojale klante en produkte wat die Groep se produkte komplementeer; - Die moontlikheid bestaan om Mayo Dairy produkte deur die uitgebreide verkoop- en distribusienetwerk, vir wyer verspreiding te versprei; - Bestaande sinergie tussen die Groep en Mayo Dairy kan tot verhoogde doeltreffendheid bydra; - Die intellektuele kapitaal en kritieke bestuur van die maatskappy is voldoende verseker.

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009	Group/Groep		vir die jaar geëindig 30 Junie 2009
	2009 R'000	2008 R'000	
<p>5 Interest in joint ventures and associated company</p> <p>Clover Industries indirectly holds a 45% interest in Danone Clover and a 51% interest in Clover Fonterra through Clover S.A. Both entities are involved in the manufacturing, marketing and distribution of dairy-related products.</p> <p>These entities were classified as jointly controlled entities in the prior year. Danone Clover was however reclassified as an associate company on 1 June 2009 as disclosed in the Directors' report.</p>			<p>5 Belang in gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappy</p> <p>Clover Industries het indirek deur Clover S.A. 'n 45% belang in Danone Clover en 'n 51% belang in Clover Fonterra. Hierdie gesamentlik beheerde entiteite is betrokke by die vervaardiging, bemarking en verspreiding van suiwelverwante produkte.</p> <p>Beide entiteite was geklassifiseer as gesamentlike ondernemings gedurende die vorige jaar. Danone Clover is egter herklasifiseer as 'n geassosieerde maatskappy vanaf 1 Junie 2009 soos in die Direkteursverslag geopenbaar.</p>
<p>5.1 Interest in joint ventures</p> <p>The Group's share in the assets, liabilities, income and expenses of the jointly controlled entities at 30 June which are included in the consolidated financial statements, are as follows:</p>			<p>5.1 Belang in gesamentlike onderneming</p> <p>Die Groep se deel van die bates, laste, inkomste en uitgawes van die gesamentlik beheerde entiteite op 30 Junie word soos volg in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit.</p>
<p>Danone Clover</p>			<p>Danone Clover</p>
<p>Assets</p>			<p>Bates</p>
Current assets	-	206 685	Bedryfsbates
Non-current assets	-	249 005	Nie-bedryfsbates
<p>Liabilities</p>			<p>Laste</p>
Current liabilities	-	155 543	Bedryfslaste
Non-current liabilities	-	216 685	Nie-bedryfslaste
<p>Income statement</p>			<p>Inkomstestaat</p>
Turnover	802 262	717 064	Omset
Cost of sales	(561 672)	(517 336)	Koste van verkope
Sales, marketing, distribution and administrative expenses	(145 285)	(144 737)	Verkoops-, bemarkings-, verspreidings- en administratiewe uitgawes
Other operating (costs)/income	(3 212)	746	Ander (bedryfsuitgawes)/inkomste
Finance cost	(20 388)	(15 773)	Finansieringskoste
Profit before taxation	71 705	39 964	Wins voor belasting
Minority interest	(4 036)	(194)	Minderheidsbelang
Income tax expense	(26 689)	(12 475)	Inkomstebelastinguitgawe
Profit attributable to shareholders of the parent company	40 980	27 295	Wins toeskryfbaar aan aandeelhouders van die houermaatskappy
<p>Capital commitments</p>			<p>Kapitaalverpligtinge</p>
Capital commitments authorised and contracted for	-	-	Kapitaalverpligtinge goedgekeur en gekontrakteer
Capital commitments authorised but not contracted for	-	10 918	Kapitaalverpligtinge goedgekeur, maar nie gekontrakteer nie
<p>Clover Fonterra Ingredients</p>			<p>Clover Fonterra Ingredients</p>
<p>Assets</p>			<p>Bates</p>
Current assets	94 325	65 438	Bedryfsbates
Non-current assets	222	239	Nie-bedryfsbates
<p>Liabilities</p>			<p>Laste</p>
Current liabilities	16 359	52 732	Bedryfslaste

NOTES TO THE FINANCIAL STATEMENTS/AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

for the year ended 30 June 2009	Group/Groep		vir die jaar geëindig 30 Junie 2009
	2009 R'000	2008 R'000	
Income statement			Inkomstestaat
Turnover	66 206	118 558	Omset
Cost of sales	(49 978)	(96 181)	Koste van verkope
Sales, marketing, distribution and administrative expenses	(8 152)	(11 248)	Verkoops-, bemerkings-, verspreidings- en administratiewe uitgawes
Other operating (expenses)/income	(93)	90	Ander (bedryfsuitgawes)/bedryfsinkomste
Finance income	417	422	Finansieringsinkomste
Profit before taxation	8 400	11 641	Wins voor belasting
Income tax expense	(3 053)	(3 954)	Inkomstebelastinguitgawe
Profit attributable to shareholders of the parent company	5 347	7 687	Wins toeskryfbaar aan aandeelhouders van die houermaatskappy
Capital commitments			Kapitaalverpligtinge
Capital commitments authorised and contracted for	-	-	Kapitaalverpligtinge goedgekeur en gekontrakteer
Capital commitments authorised but not contracted for	-	-	Kapitaalverpligtinge goedgekeur, maar nie gekontrakteer nie
5.2 Interest in associated company			5.2 Belang in geassosieerde maatskappy
The investment in Danone Clover was reclassified and accounted for as an associated company, with effect from 1 June 2009 as disclosed in the Directors' Report.			Die belegging in Danone Clover is met ingang 1 Junie 2009 herklassifiseer as 'n geassosieerde maatskappy soos in die Direkteursverslag uiteengesit.
Danone Clover			Danone Clover
The following summarised information of the Group's investment in the associated company is included in the consolidated financial statements:			Die volgende opgesomde inligting met betrekking tot die belegging in die geassosieerde maatskappy word in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit:
Cost	20 025	-	Koste
Share of retained earnings	75 208	-	Deel van behoue verdienste
Unrealised inter-group profits on sale of UltraMel business	(90 427)	-	Ongerealiseerde inter-groepwinste met verkoop van UltraMel besigheid
Profit on deconsolidation of Danone Clover	637 518	-	Wins met dekonsolidasie van Danone Clover
Fair value at date of loss of joint control	642 324	-	Billike waarde op die datum van verlies van gesamentlike beheer
Dividends received from associated company	(35 121)	-	Dividende ontvang van geassosieerde maatskappy
Share of loss of associated company	(5 456)	-	Gedeelte van verlies van geassosieerde maatskappy
Carrying amount of the investment	601 747	-	Drawaarde van die belegging
The following summarised information of the Group's interest in the associated company is not included in the financial statements:			Die volgende opgesomde inligting van die Groep se belange in die geassosieerde maatskappy is nie in die finansiële state ingesluit nie:
Revenue for the month of June 2009	62 105	-	Inkomste vir die maand van Junie 2009
Assets as at 30 June 2009	526 568	-	Bates soos op 30 Junie 2009
Liabilities as at 30 June 2009	(367 449)	-	Laste soos op 30 Junie 2009
The Group calculated the fair value of its investment in Danone Clover as at 1 June 2009 by applying a discounted free cash flow model. The following inputs and key assumptions were utilised in arriving at the fair value; a forecast free cash flow based on the Company's 5-year forecast plans, a required rate of return of 15,5% (based on a risk-free rate of 8,7%), a tax rate of 28% and an inflation rate of 7%.			Die Groep het die billike waarde van sy belegging in Danone Clover soos op 1 Junie 2009 bereken deur middel van die verdiskonteerde vrye kontantvloei-model. Die volgende insette en sleutelaannames is gebruik om die billike waarde te bepaal; 'n vooruitgeskatte vrye kontantvloei gebaseer op die Maatskappy se 5-jaar vooruitskattingsplanne, 'n vereiste opbrengskoers van 15,5% (gebaseer op 'n risikovrye koers van 8,7%), 'n belastingkoers van 28% en 'n 7% inflasiekoers.

for the year ended 30 June 2009

